# DIE HUWELIK

## Wat sê die Bybel daarvan?

**BYBELSE PERSPEKTIEWE
EN
RELEVANTE SKRIFGEGEWENS**

**Prof. P.J. de Bruyn**

**1989**

**Departement Wetenskapsleer
Potchefstroomse Universiteit vir CHO**

**INHOUD**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | **INLEIDING** ........................................................ | 1 |
| 2. | **BYBELSE PERSPEKTIEWE OOR DIE HUWELIK** .... | 2 |
| 2.1 | DIE WESE VAN DIE HUWELIK ............................ | 2 |
| 2.1.1 | 'n Instelling van God ............................................ | 2 |
| 2.1.2 | 'n Verbintenis tussen 'n man en 'n vrou .................... | 2 |
| 2.1.3 | 'n Monogame verbintenis ........................................ | 2 |
| 2.1.4 | 'n Lewenslange verbintenis ...................................... | 3 |
| 2.1.5 | Die innigste denkbare verbintenis ............................. | 3 |
| 2.1.6 | 'n Verbintenis van liefde en trou .............................. | 4 |
| 2.1.6.1 | Liefde ............................................................ | 4 |
| 2.1.6.2 | Trou ................................................................ | 8 |
| 2.1.7 | Die verhouding tussen Christus en sy gemeente afgebeeld | 9 |
| 2.1.8 | Samevatting ....................................................... | 10 |
| 2.2 | DIE DOEL VAN DIE HUWELIK ........................... | 10 |
| 2.2.1 | Om vir mekaar 'n hulp te wees ................................ | 11 |
| 2.2.2 | Om kinders voort te bring en op te voed ................. | 12 |
| 2.2.3 | Om 'n bolwerk teen ontug te vorm .......................... | 12 |
| 2.3 | DIE HEILIGHEID VAN DIE HUWELIK ................ | 13 |
| 2.3.1 | Is die huwelik heilig? ............................................ | 13 |
| 2.3.2 | Wanneer is die huwelik heilig? ................................ | 13 |
| 2.4 | ENKELE ALGEMENE RIGLYNE VIR GEDRAG IN DIE HUWELIK ........................................................ | 14 |
| 2.4.1 | Inleiding ........................................................... | 14 |
| 2.4.2 | Positiewe riglyne ................................................ | 14 |
| 2.4.2.1 | Die koninkryk van God eerste ................................ | 14 |
| 2.4.2.2 | Ontwikkel onderskeidingsvermoë in huwelikskonteks ..... | 15 |
| 2.4.2.3 | Bou mekaar op .................................................. | 16 |
| 2.4.2.4 | Dra mekaar se belange op die hart ........................... | 16 |
| 2.4.2.5 | Bid vir mekaar ................................................... | 17 |
| 2.4.2.6 | Dien mekaar in liefde .......................................... | 17 |
| 2.4.2.7 | Vra mekaar om verskoning .................................... | 17 |
| 2.4.2.8 | Vergewe mekaar ................................................. | 18 |
| 2.4.3 | Negatiewe riglyne ................................................ | 18 |
| 2.4.3.1 | Gee die duiwel geen vatkans nie ............................. | 18 |
| 2.4.3.2 | Moenie 'n dag kwaad afsluit nie ............................. | 18 |
| 2.4.3.3 | Moenie van mekaar kwaad praat nie ......................... | 19 |
| 2.4.3.4 | Moenie ou koeie uit die sloot grawe nie ..................... | 19 |
| 2.4.3.5 | Moenie spog met eie dade van liefde nie .................... | 20 |
| 2.4.3.6 | Moenie altyd kla nie ............................................ | 20 |

3. **BYBELSE UITSPRAKE OOR DIE HUWELIK** .......... 20
3.1 HUWELIKSKEUSE .......... 21
3.1.1 Die aanstaande man of vrou moet 'n gelowige wees ..... 21
3.1.2 Die aanstaande man of vrou moet kuis wees .......... 22
3.2 VERLOWING .......... 23
3.3 DIE HUWELIKSLUITING .......... 23
3.4 DIE HUWELIKSLEWE .......... 24
3.4.1 Wedersydse gesindheid en verantwoordelikheid .......... 24
3.4.1.1 Wees aan mekaar onderdanig .......... 24
3.4.1.2 Vermy leemtes in die huwelik .......... 25
3.4.1.3 Laat die eerste liefde nie verkoel nie .......... 26
3.4.2 Die gesindheid en optrede van die man teenoor sy vrou 27
3.4.2.1 Die man is hoof van sy vrou (Ef. 5:23) .......... 27
3.4.2.2 Die man moet sy vrou liefhê (agapein; Ef. 5:25, 33) ..... 28
3.4.2.3 Die man moet aan sy vrou eer bewys (1 Pet. 3:7) .......... 29
3.4.2.4 Die man moet die lewe met sy vrou geniet (Pred. 9:9) ... 29
3.4.3 Die gesindheid en optrede van die vrou teenoor haar man 30
3.4.3.1 Die vrou moet haar man liefhê .......... 30
3.4.3.2 Die vrou moet aan haar man onderdanig wees .......... 30
3.5 HUWELIKSVERBREKING (EGSKEIDING) .......... 33
3.5.1 Die moontlikheid van egskeiding .......... 33
3.5.2 Redes vir egskeiding .......... 34
3.5.2.1 Redes volgens die Skrif .......... 34
3.5.2.2 Redes volgens huidige wetgewing .......... 36
3.5.3 Hertrou van geskeide persone .......... 36
3.6 HUWELIKE TUSSEN GELOWIGES EN ONGELOWIGES .......... 37
3.6.1 Probeer dit vermy .......... 38
3.6.2 As dit onvermydelik is .......... 38
3.6.2.1 Moenie skei nie .......... 38
3.6.2.2 Stel 'n goeie voorbeeld as Christen .......... 38
GERAADPLEEGDE WERKE .......... 39

# DIE HUWELIK
## Wat sê die Bybel daarvan?

**Prof P.J. de Bruyn**

### 1. INLEIDING

In verskeie opsigte het daar tans in en rondom die huwelik 'n krisis ontstaan. Dit blyk onder andere uit die volgende:

1.1 Egskeidings het dramaties toegeneem. In 1940 was daar 3,9 egskeidings per 1000 getroude pare. In 1986 was die syfer 15,8 per 1000 getroude pare.

1.2 As gevolg van die toename in egskeidings kom baie meer kinders as vroeër uit gebroke huise. Ervaring het geleer dat 'n groot getal van hierdie kinders om begryplike redes baie skepties staan teenoor die huwelik. Sommige van hulle is op grond van die voorbeeld wat hulle in hulle ouerhuis ontvang het, geneig om baie gouer as ander hulle toevlug tot egskeiding te neem. Hulle kinders sien dit weer by hulle.

1.3 Vooraanstaande teoloë soos Kuitert (1975:70–71) keur egskeiding openlik goed en sê dat 'n mens deur die probeer-en-trefmetode ("trial and error") moet aanhou tot jy die regte lewensmaat vind.

1.4 Baie jongmense en ook mense wat nie meer so jonk is nie, verkies om eerder buite die huwelik saam te woon asof hulle getroud is in plaas daarvan om wettig in die huwelik te tree.

1.5 Die groter wordende bereidheid van veral jongmense tot voorhuwelikse geslagsgemeenskap en die gevolglike groot toename daarvan het tot gevolg dat baie van oordeel is dat dit nie meer nodig is om in die huwelik te tree nie — so asof die huwelik slegs ingestel is vir seksuele bevrediging.

In die lig van alles wat genoem is, is dit sekerlik meer as noodsaaklik dat gelowiges hulle opnuut oor die huwelik in die lig van die Skrif moet besin. Vir die doeleindes van hierdie studie word onderskeid gemaak tussen

Bybelse perspektiewe oor die huwelik en Bybelse uitsprake oor die huwelik.[1]

## 2. BYBELSE PERSPEKTIEWE OOR DIE HUWELIK

### 2.1 Die wese van die huwelik

#### 2.1.1 'N INSTELLING VAN GOD

Volgens Genesis 2:24 en Matteus 19:5 is dit duidelik dat die huwelik deur God ingestel is. Die huwelik is dus 'n samelewingstruktuur wat sy oorsprong nie by mense het nie, maar by God. Hy het dit ingestel en dit is sy wil dat man en vrou daarin, en nie op 'n ander wyse nie, op die intiemste wyse met mekaar moet saamlewe.

#### 2.1.2 'N VERBINTENIS TUSSEN 'N MAN EN 'N VROU

Tot ongeveer dertig of veertig jaar gelede is dit as vanselfsprekend beskou dat die huwelik 'n verbintenis tussen 'n man en 'n vrou is. Sedertdien het daar egter 'n groot verandering gekom. Tans is die punt bereik waar daar selfs sprake is van 'n vorm van huweliksverbintenis van twee persone van dieselfde geslag op grond van 'n homoseksuele verhouding.

In die Skrif en in die besonder in Levitikus 20:13 en Romeine 1:26–27 word 'n homoseksuele verhouding egter baie duidelik aangedui as 'n verhouding wat *teen die natuur* is en derhalwe nie in ooreenstemming met die God-gewilde orde en onderskeid van die geslagte nie. Die huweliksverbintenis wat God behaag, deur Hom gewil en ingestel is, is slegs die tussen 'n man en 'n vrou (Gen. 2:20–24; Matt. 19:4–6; Ef. 5:22–33).

#### 2.1.3 'N MONOGAME VERBINTENIS

Uit wat reeds gesê is, kan afgelei word dat God die huwelik ingestel het as die verbintenis tussen één man en één vrou. In die lig van die voorkoms

[1] Hierdie onderskeiding is in 'n sekere sin kunsmatig en nie wetenskaplik heeltemal suiwer nie, omdat daar 'n mate van oorvleueling is en sekere Skrifgedeeltes in enigeen van die twee afdelings behandel kan word. Vir die doel waarvoor hierdie studiestuk opgestel word, word dit egter behou omdat dit deel vorm van 'n reeks wat uitgegee word onder die titel *Bybelse perspektiewe en relevante Skrifgegewens.*

van poligamie moet dit sterk beklemtoon word.

Die poligamie het na die sondeval by Lameg begin (Gen. 4:19). In Israel was dit onder alle samelewingslae tot na die ballingskap aan die orde van die dag. In die Nieu-Testamentiese tyd het sowel Christus as die apostel Paulus die monogamie bo alle twyfel as normatief gestel (Matt. 19:4–6; Ef. 5:22–33).

### 2.1.4 'N LEWENSLANGE VERBINTENIS

Die huwelik is oorspronklik deur God ingestel as 'n lewenslange verbintenis van 'n man en 'n vrou. Uit Genesis 2:21–24 kan dit nie so duidelik opgemerk word nie, maar in Matteus 19:6 dui Christus die *oorspronklike bedoeling* van God met die huwelik aan as Hy sê: "Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie."

Vanweë die verwording deur die sonde en die hardheid van hulle harte (Matt. 19:8) is die Israeliete wel toegelaat om van hulle vrouens te skei (Deut. 24:1), maar dit was in werklikheid in stryd met God se oorspronklike bedoeling met die huwelik.

### 2.1.5 DIE INNIGSTE DENKBARE VERBINTENIS

Soos reeds aangedui, kan Genesis 2:24 beskou word as die woorde waarmee God die huwelik ingestel het. Daarin word gesê dat die verbondenheid aan die ouers losgemaak word met die oog op 'n nuwe verbondenheid, naamlik dié tussen man en vrou in die huwelik. Van hierdie verbondenheid word in die 1953-vertaling[2] gesê: "En hulle (twee) sal een vlees wees." (Vgl. Matt. 19:5.) Hierdie woorde dui die innigheid van die verhouding tussen man en vrou aan: hulle sal op 'n besondere wyse één word.

In die lig van veral 1 Korintiërs 6:16 is dit duidelik dat die woorde "een vlees wees" primêr op geslagsgemeenskap sien. Tog sal dit eensydig wees om daaraan slegs die betekenis van geslagsgemeenskap te gee.

[2] Die aanhalings uit die Bybel is uit die 1983-vertaling behalwe waar dit anders aangedui word.

As al die beskikbare gegewens, eksegeties en andersins, nagegaan word, kan die betekenis van *een-vlees-wees* soos volg weergegee word: dit dui primêr geslagsgemeenskap aan as die innigste en intiemste liggaamlike verhouding tussen man en vrou. Maar geslagsgemeenskap mag nie op sigself staan nie. Dit moet terselfdertyd die openbaring wees van die innigste en intiemste geestelike verbondenheid aan en liefdesingesteldheid op mekaar. Anders gestel: die intiemste liggaamlike kontak in geslagsgemeenskap moet 'n openbaring van die intiemste geestelike verbintenis wees. So word die huwelik dan die innigste denkbare verbintenis tussen twee mense: man en vrou in huwelikseenheid.

## 2.1.6 'N VERBINTENIS VAN LIEFDE EN TROU

*Liefde* vir mekaar en *trou* (getrouheid) teenoor mekaar kan beskou word as die twee vernaamste bande wat man en vrou in die huwelik saambind. As sodanig is liefde en trou wesenselemente van die huwelik. Beide word ook deur God van man en vrou geëis ten aansien van hulle huwelik.

### 2.1.6.1 Liefde

#### 2.1.6.1.1 Die liefde as eis

Man en vrou word in die huwelik besonderlik deur liefde saamgebind, dermate dat hierdie liefde teenoor mekaar as 'n Skriftuurlike verpligting op hulle gelê word. Hulle *moet* mekaar liefhê.

In hierdie verband skryf Paulus aan die Efesiërs: "Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus ook die kerk liefgehad het ... Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame." (Ef. 5:25, 28; vgl. ook vers 33.) In Kolossense 3:19 word hierdie eis herhaal.

Die liefde van die vrou teenoor haar man word in die Skrif nie so sterk beklemtoon as die van die man teenoor die vrou nie, waarskynlik omdat dit as vanselfsprekend veronderstel word. Tog word dit soms uitdruklik genoem. Van Migal, die dogter van Saul, word gesê dat sy Dawid liefgekry het (1 Sam. 18:20). In Hooglied is daar dikwels sprake van die liefde van die vrou vir die man (Hoogl. 2:5; 5:8; 8:6, 7; ens.). In Titus 2:4 stel Paulus dit as 'n eis dat die jong vrouens hulle mans moet liefhê. En in Openbaring 2:4 verwyt Christus as die hemelse Bruidegom sy bruidskerk, wat in Efese is, dat sy haar eerste liefde (agape) verlaat het.

Hieruit is dit duidelik dat dit 'n Bybelse eis is dat man en vrou mekaar *moet* liefhê.

2.1.6.1.2 Soorte liefde

Om die eis van wedersydse liefde tussen man en vrou te kan verstaan, is dit nodig om daarop te let dat daar volgens die Skrif eintlik drie soorte liefde is wat in Afrikaans naastenby aangedui kan word as *erotiese liefde, vriendskapsliefde en selfverloënende liefde.*

Hierdie drie soorte liefde kan nie van mekaar geskei word nie, maar dit is tog nodig om hulle te onderskei.

2.1.6.1.2.1 Erotiese liefde *(eros)*

In die erotiese liefde val die nadruk baie sterk op die sensuele en die seksuele. (Vgl. Gen. 3:16; Spr. 5:18, 19; Pred. 9:9; Hoogl. 7:7, 8; 1 Kor. 7:2–5, 9.)

As al die relevante gegewens in die Skrif en in die besonder die in die boek Hooglied en in 1 Korintiërs 7 saamgevat word, kan oor die funksionering van die erotiese liefde in die huwelik die volgende gesê word: binne die huwelik as liefdesgemeenskap het geslagsgemeenskap nie net 'n plek en funksie met die oog op voortplanting nie, maar dit het ook 'n eie onmisbare plek en betekenis. Geslagsgemeenskap word trouens deur man en vrou aangevoel en ervaar as een van die belangrikste maniere waarop hulle uiting gee aan hulle besondere liefde vir en trou aan mekaar èn aan die innige wedersydse begeerte om in hulle liefde so na as moontlik aan mekaar te kom en met mekaar één te word. As geslagsgemeenskap onder normale omstandighede in 'n huwelik onmoontlik gemaak word, beteken dit noodwendig 'n verminking van die huwelik. Man en vrou *beroof* mekaar dan van een van die belangrikste vorms van die huweliksbelewing.

Uit die Skrif is dit verder duidelik dat die erotiese liefde wat sy hoogtepunt in geslagsgemeenskap bereik, eksklusief aan die huwelik verbonde is.

In Eksodus 22:16–17 en Deuteronomium 22:28–29 word bepaal dat as 'n man en 'n meisie wat nie verloof of getroud is nie, met mekaar geslagsgemeenskap het, dan *moet* hulle trou en hulle mag nooit skei nie. Geslagsgemeenskap verplig hulle dus om te trou en nie eers swangerskap nie. Geslagsgemeenskap word hier dus so sterk aan die huwelik verbind dat

dit gesien word as 'n daad van huweliksluiting.

Aan die ander kant, juis omdat daar so 'n eksklusiewe band tussen geslagsgemeenskap en die huwelik is, word die geslagsgemeenskap van 'n getroude met enigiemand anders as sy of haar wettige vrou of man in 'n sekere sin gesien as 'n verbreking van die bestaande huweliksband. Dit word *hoerery* genoem en deur Christus self aangedui as 'n genoegsame rede vir egskeiding (Matt. 5:32; 19:9).

2.1.6.1.2.2 Vriendskapsliefde *(filia)*

Dit is opvallend dat *filia* in die Skrif nie as 'n eis aan die man teenoor die vrou gebruik word nie, maar wel van die vrou teenoor die man (Tit. 2:4). Tog sal hierdie besondere aksent in die liefde van die man nie mag ontbreek nie, veral in die lig van die feit dat *filia* en *agape* in die Skrif soms as wisselvorme gebruik word soos in Johannes 20:2 en 21:7, 20.

Hierdie vriendskapsliefde dui 'n liefde aan waarin twee mense tot 'n hegte vriendskap saamgebind word sodat hulle vir mekaar werklik *boesemvriende* is. Dit dui 'n besonder vertroulike verhouding tussen twee mense aan — 'n verhouding wat gekenmerk word deur hartlikheid, teerheid, innigheid en begrip vir mekaar se gevoelens en oortuigings. Hierdie vriendskapsliefde dui ook die gesindheid en geneentheid aan van twee mense, twee kamerade, wat hulle ten volle vir mekaar verantwoordelik voel.

'n Mens sou kon sê dat waar by die betoning van die erotiese liefde *twee liggame letterlik fisies één word*, daar by vriendskapsliefde *twee harte figuurlik een word*; dit word twee harte wat saam klop. Dit is 'n verhouding waarin twee mense oor dieselfde saak van harte saam kan lag, saam kan huil en saam kan bid.

In Afrikaans kan 'n mens dit verder aandui as 'n verhouding waarin twee mense met 'n besondere gehegtheid aan mekaar vir mekaar werklik *goeie maats* is.

Dit is die liefde wat daar by Christene tussen man en vrou in die huwelik moet wees.

* *Waar man en vrou nie werklik vir mekaar maats is nie, beantwoord hulle huwelik nie aan hierdie Skriftuurlike eis van huweliksliefde nie en sal hulle baie moet bid en hard moet werk om daartoe te kom.*

2.1.6.1.2.3 Selfverloënende liefde (*agape*)

Hierdie soort liefde is die sterkste moontlike liefde wat daar tussen twee persone kan wees. Dit is hierdie soort liefde wat daar volgens Efesiërs 5:25, 28, 33 en Kolossense 3:19 by die mans teenoor hulle vrouens moet wees en wat die vrou in die lig van Openbaring 2:4 teenoor haar man moet betoon. (Vgl. Jer. 2:2.)

Die kenmerkende van hierdie soort liefde kan duidelik gesien word as dit met die erotiese liefde vergelyk word.

Die erotiese liefde is hoofsaaklik 'n liefde *omdat*. Dit laat 'n mens sê: "Ek het jou lief *omdat* jy so mooi en begeerlik is". Die implikasie daarvan is dat, behalwe as daar ook ander vorms van liefde vir die persoon in my teenwoordig is, ek die persoon nie meer sal liefhê as hy of sy nie meer vir my mooi of so mooi soos vroeër is nie. Maar selfverloënende liefde is nie 'n liefde *omdat* nie maar 'n liefde *ondanks*. Dit bring 'n mens daartoe om te sê: "Ek het jou lief ondanks die feit dat jy nie — of nie meer — so mooi en begeerlik is nie. Ek het jou lief *ondanks* jou karakterfoute, *ondanks* jou onaangename gewoontes, *ondanks* jou siekte, *ondanks* die vlek in jou gesig of die vlek in jou lewe".

Hierdie selfverloënende liefde laat 'n mens verder nie net sê: "*Ek het jou lief omdat jy so mooi is*" nie, maar ook en veral: "*Ek het jou lief omdat ek jou graag nog mooier wil maak*". Dit is dus 'n liefde met 'n duidelike taak en doel voor oë. Dit is 'n liefde wat bereid is om hard te werk en baie op te offer in belang van die geliefde.

Die ware krag en betekenis van hierdie liefde word baie duidelik geopenbaar in die verhouding tussen Christus en sy kerk.

Paulus sê: "*Mans, julle moet julle eie vrouens liefhê soos Christus ook die kerk liefgehad het en sy lewe daarvoor afgelê het.*" (Ef. 5:25.)

Christus het sy kerk liefgehad ondanks haar sonde, skuld en doemwaardigheid. Hy het sy kerk liefgehad ondanks die feit dat daardie liefde vir Hom die bitterste lyde, helse smarte en dood aan die kruis besorg het.

En hoe het die gemeente, die kerk, nie vir Christus liefgehad nie? As alles goed gaan, sien 'n mens dit gewoonlik nie, maar in tye van vervolging wel. Hoeveel Christene het nie deur die eeue heen gesterf ter wille van hulle

geloof in en hulle liefde vir Christus nie? Hulle het Christus liefgehad *ondanks* die feit dat hulle liefde vir Hom hulle bitter laat ly het en selfs laat sterf het (Hand. 6:8–7:60; Hand. 12:1–3; Hand. 21:13; Op. 2:13).

Dit is die liefde *ondanks* wat daar by man en vrou in die huwelik vir mekaar moet wees. Dit is 'n liefde wat nie net kan verdra nie, maar wat ook bereid is om daadwerklik vir mekaar te offer en op te offer as dit die ander een innerlik en uiterlik mooier kan maak. Soos Christus in sy liefde vir sy kerk die ontsettende offer gebring het om van die gelowiges mooi mense te maak deur hulle te verander van kinders van die duiwel wat bestem is vir die hel, na kinders van God wat vir die ewige lewe bestem is, so moet man en vrou in hulle liefde vir mekaar ook doen.

Daarby het Christus nie opgehou om sy kerk mooier te maak nadat Hy haar aan Hom verbind het nie. Paulus sê dat Hy voortgegaan het en nog voortgaan om sy kerk te heilig en te reinig en haar voor Hom te stel as verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks (Ef. 5:26, 27). So moet man en vrou in die huwelik mekaar ook steeds mooier probeer maak, en hulle moet bereid wees om in die verband baie op te offer.

Dit is die drie vorms van liefde wat daar in die Christelike huwelik *moet* wees: die erotiese liefde, die vriendskapsliefde en die selfverloënende liefde. Waar net een van hierdie drie vorms van liefde in die normale huwelik ontbreek, is daar volgens die Skrif 'n wanverhouding. Ook mag die een nie ten koste van die ander twee verhef word nie.

2.1.6.2 Trou

Die huwelik is ook 'n verbintenis in *trou*, in *getrouheid aan mekaar.*

Onder *trou* word verstaan dat 'n mens hom op bestendige wyse hou aan sy beloftes; dat hy sy woord gestand doen en sy beloftes uitvoer, en wel op so 'n wyse dat die ander persone aan wie hy sy trou te kenne gegee het, die sekerheid sal hê dat hy altyd sal optree soos hy beloof en onderneem het.

Hierdie trou is 'n *wesenselement* van die huwelik. (Vgl. Hos. 2:19; Matt. 19:6.) Sonder trou kan daar geen huwelik in die ware sin van die woord wees nie — altans nie 'n Christelike huwelik nie. Die man en vrou wat aan mekaar trou beloof het, moet met sekerheid kan sê: my man of my vrou sal enduit aan my getrou wees en alles wat tot ontrou aanleiding kan gee,

bewustelik vermy.

Dit is nou juis hierdie trou wat by die manne van Juda in die tyd van Maleagi ontbreek het. Daarom het die Here hulle volgens Maleagi 2:14 soos volg aangekla: "*Die Here weet wat gebeur het tussen jou en die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is: jy was ONTROU aan haar, ONTROU aan jou eie vrou, die vrou aan wie jy plegtig TROU belowe het.*"

Hieruit is dit duidelik dat in geval van huweliksontrou van twee gelowiges dit niemand anders is nie as *die Here self* wat as aanklaer optree teenoor die skuldige as die een wat sy of haar beloftes van huwelikstrou nie nagekom en enduit gehou het nie. En wie sal ontkom as die Here wat alles weet, as aanklaer optree? Daarom moet die gelowige ter wille van sy of haar huweliksmaat, maar veral ter wille van die Here, waak dat hy of sy nie in die strik van huweliksontrou gevang word nie.

Daar is min dinge wat in die Skrif so skerp veroordeel word as huweliksontrou. Die wat hulle daaraan skuldig gemaak het, is ook swaar gestraf.

*Hierdie huweliksontrou kom veral tot openbaring in ontug en owerspel deur getroudes.*

In Deuteronomium 22:22–27 word bepaal dat as 'n man met 'n getroude vrou geslagsgemeenskap het, hulle altwee die doodstraf moet ontvang. In Esegiël 23 word die ontrou van Israel en Juda teenoor die Here vergelyk met die huweliksontrou van 'n vrou teenoor haar man. Die wegvoering in ballingskap was hulle straf vir die ontrou. (Vgl. ook Hos. 1–3.) Selfs 'n ontrou met die oë wat lei tot 'n sondige ("ontroue") begeerte in die hart word deur Christus veroordeel (Matt. 5:28; vgl. Job 31:1). Ook Paulus veroordeel huweliksontrou, wat in owerspel en hoerery tot openbaring kom, baie skerp (1 Kor. 6:12–7:5). En in Hebreërs 13:4 word gesê: "Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet, want God sal hoereerders en egbrekers oordeel".

Uit die voorgaande is dit dus duidelik dat die Christelike huwelik as 'n verbintenis van *liefde* en *trou* aangedui kan word.

### 2.1.7 DIE VERHOUDING TUSSEN CHRISTUS EN SY GEMEENTE AFGEBEELD

Die huwelik is 'n verbintenis waarin die verhouding tussen Christus en sy

gemeente afgebeeld word. Dit word veral baie duidelik getoon in Efesiërs 5:22–33.

Paulus toon daar dat *Christus* sy gemeente liefgehad het met 'n allesoortreffende liefde wat daarin geopenbaar word dat Hy Homself geoffer het tot redding van die gemeente (vers 25). En van die *gemeente* word geëis om aan Christus onderdanig te wees (vers 24).

Hierdie verhouding moet nou ook in die Christelike huwelik in die verhouding tussen man en vrou afgebeeld word.

* Soos Christus sy gemeente liefgehad het en nog liefhet, *so moet die man sy vrou liefhê* met 'n selfverloënende liefde, dit wil sê 'n liefde nie ter wille van homself nie, maar ter wille van haar (vers 25). Die man moet daarna streef om al sy liefde, sy hart en alles wat in hom is, aan sy vrou te gee om daarin die liefde van Christus vir sy kerk te weerspieël.

* Soos die gemeente aan Christus onderdanig is, *so moet die vrou aan haar eie man onderdanig wees* (vers 24). Die vrou moet teenoor haar man die gehegtheid en eerbied betoon wat daar by die gemeente teenoor die Here Jesus is.

Hieruit volg vanselfsprekend dat 'n Christelike huwelik slegs daar gevind word waar twee oortuigde gelowiges in die huwelik verbind word.

2.1.8 SAMEVATTING

Samevattend kan 'n Christelike huwelik soos volg beskryf word:

Die huwelik is 'n instelling van God waardeur één man en één vrou op die innigste denkbare wyse lewenslank deur liefde en trou tot 'n tweeeenheid aan mekaar verbind word, en wel op so 'n wyse dat in hulle verhouding die verhouding tussen Christus en sy gemeente afgebeeld word.

### 2.2 Die doel van die huwelik

Volgens die Skrif het die huwelik vir die egpaar die volgende drie doeleindes:

— om vir mekaar 'n hulp te wees;
— om kinders voort te bring en op te voed;

— om 'n bolwerk teen ontug te vorm.

Aan elkeen van hierdie doeleindes moet kortliks aandag geskenk word.

### 2.2.1 OM VIR MEKAAR 'N HULP TE WEES

Dat dit die primêre doel van die huwelik is dat man en vrou vir mekaar daarin 'n hulp moet wees, blyk baie duidelik uit die geskiedenis van die skepping van die vrou. Volgens Genesis 2:18 het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas."

Hier word wel nie uitdruklik gesê dat die man vir die vrou 'n hulp moet wees soos die vrou vir die man nie. Tog is dit ongetwyfeld die bedoeling. Trouens, die eis van Paulus dat die man sy vrou moet liefhê soos Christus sy gemeente liefgehad het (Ef. 5:25), en haar boonop moet liefhê soos sy eie liggaam (Ef. 5:28), is ondenkbaar sonder die gedagte dat hy ook vir haar 'n hulp moet wees. In dié verband is dit van besondere belang dat Paulus juis in die betrokke gedeelte weer teruggryp na die geskiedenis van die instelling van die huwelik deur God (Ef. 5:31; Gen. 2:24).

Die vrou is so geskep dat sy en die man vir mekaar nie net fisiek van hulp kan wees nie, maar ook geestelik. Man en vrou verskil na liggaam en siel so van mekaar dat hulle mekaar juis kan aanvul en verryk en op dié wyse van mekaar komplete mense maak.

So beskou lê die uitspraak in die huweliksformulier dat man en vrou vir mekaar 'n hulp moet wees in alle sake "wat tot die tydelike en ewige lewe behoort", beslis op een lyn met God se oorspronklike bedoeling. Dat hulle vir mekaar op pad na die ewige lewe 'n hulp moet wees, word in die Skrif veronderstel (Spr. 31:30) en op negatiewe wyse sterk beklemtoon in die geskiedenisse van onder andere Salomo (1 Kon. 11:4) en Agab (1 Kon. 21:25).

Om as man en vrou vir mekaar 'n hulp te wees in die wydste sin van die woord en *nie* die voortbring van kinders nie, moet as primêre doel van die huwelik gesien word. As aan laasgenoemde voorrang verleen word, beteken dit dat 'n kinderlose huwelik sy doel gemis het, en dit is beslis nie die geval nie.

### 2.2.2 OM KINDERS VOORT TE BRING EN OP TE VOED

Die opdrag aan man en vrou na hulle skepping was onder andere: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde." (Gen. 1:28.) Dit beteken dat God man en vrou so geskep het dat hulle kinders kon verwek en voortbring. Hy het ook die drang tot geslagsgemeenskap in hulle gelê sodat kinders verwek kon word.

In Genesis 2:18 word die opdrag om kinders voort te bring nog nie so pertinent aan die huwelik verbind nie. (Vgl. Gen. 2:22.) Maar omdat kinders slegs deur geslagsgemeenskap verwek word en dit in Genesis 2:24 aan die huwelik verbind word, kan sonder twyfel gesê word dat dit God se bedoeling was dat die voortbring van kinders binne die huwelik moet plaasvind. In die res van die Ou Testament word dit dan ook as die normale gang van sake volgens die wil van God gesien. Ook gaan die hele Nuwe Testament as vanselfsprekend daarvan uit dat kinders binne die huwelik verwek, gebore en opgevoed moet word. Paulus skryf aan Timoteüs : "Daarom verkies ek dat die jonger weduwees weer trou, kinders kry .... " (1 Tim. 5:14.)

Ook die opvoeding van die kinders tot eer van die Here is die taak van man en vrou in die huwelik (Eks. 20:12; Spr. 1:8; Ef. 6:14; Tit. 2:4). Hieruit is dit duidelik dat die verdere doel van die huwelik is om kinders voort te bring en op te voed sodat die menslike geslag, en in die besonder die kerk van die Here, daardeur in stand gehou en uitgebrei kan word.

### 2.2.3 OM 'N BOLWERK TEEN ONTUG TE VORM

Die aandag is reeds daarop gevestig (vgl. punt 2.1.6.2.1) dat geslagsgemeenskap gereeld in die huwelik moet plaasvind omdat dit die *positiewe waarde* het dat liefde dan aan mekaar betoon word soos dit op geen ander wyse betoon kan word nie.

Maar aangesien alle onkuisheid deur God vervloek is (Lev. 18; 1 Kor. 6:10; Heb. 13:4) moet geslagsgemeenskap ook om 'n ander rede gereeld in die huwelik plaasvind, naamlik sodat man en vrou op hierdie wyse *beskerm kan word* teen moontlike verleiding tot ontug. Dit is wat Paulus ook bedoel as hy sê: "Maar weens die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man. Die man moet sy huweliksplig teenoor sy vrou nakom, en net so ook die vrou teenoor haar man ... Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir 'n bepaalde tyd om julle aan die gebed te wy. Daarna moet julle

weer saamkom sodat die Satan julle nie miskien weens julle gebrek aan selfbeheersing verlei nie." (1 Kor. 7:2, 3, 5.)

Paulus beskou geslagsgemeenskap hier as 'n diens wat man en vrou aan mekaar verskuldig is en wat nie van mekaar weerhou mag word nie.

### 2.3 Die heiligheid van die huwelik

#### 2.3.1 IS DIE HUWELIK HEILIG?

Die woord *heilig* het 'n negatiewe en 'n positiewe betekenis. *Negatief* beteken dit dat die gelowige hom sover as enigsins moontlik moet weerhou van die sondes en sondigheid van die wêreld. In die woorde van Jakobus beteken dit "om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld." (Jak. 1:27.) *Positief* beteken dit dat 'n mens jou doelbewus daarop gaan toelê om die Here te dien.

In die algemeen sou dus gesê kon word dat 'n huwelik heilig is *enersyds* as man en vrou hulle in alle sake wat op hulle huwelik betrekking het weerhou van die sondes en sondigheid van die wêreld, en *andersyds* as hulle ook in, met en deur hulle huwelik doelbewus die Here wil dien.

Wat die heiligheid van die huwelik betref, het daar in 'n sekere sin 'n probleem ontstaan met die jongste vertaling van die Heidelbergse Kategismus. In antwoord 108 was daar altyd sprake van die "heilige huwelikstaat". Dit is ook in ooreenstemming met die oorspronklike teks van 1563 (Schaff, 1877:347). In die nuutste vertaling is die woord "heilig" by "huwelik" weggelaat en daar word slegs gesê dat van die gelowiges verwag word om kuis en ingetoë te lewe "sowel binne as buite die huwelik".

Hierteenoor moet duidelik gestel word dat *die huwelik van twee gelowiges* wat gewas is in die bloed van Christus en geheilig is deur die heilige Gees, altyd as 'n *heilige huwelik* gesien en beoordeel moet word (1 Kor. 6:12–20).

#### 2.3.2 WANNEER IS DIE HUWELIK HEILIG?

As wat hierbo gesê is, in ag geneem word, kan soos volg geantwoord word:

* Die huwelik is heilig wanneer man en vrou albei gelowiges, ware wedergeborenes en bekeerdes is (Rom. 6:19). Hulle liggame is immers lede van Christus (1 Kor. 6:15) en tempels van die Heilige Gees (1 Kor. 6:19). Dit behoort aan God en moet gebruik word om God te verheerlik (1 Kor. 6:20). Volgens Paulus kan die huwelik in 'n sekere sin selfs heilig genoem word as slegs die man of die vrou 'n gelowige is (1 Kor. 7:14).

* Die huwelik is heilig wanneer man en vrou hulle doelbewus weerhou van alle sondes, maar dan in die besonder van die soort sondes wat spesifiek op die huwelik betrekking het, soos seksuele sondes (1 Tes. 4:3–4; 1 Kor. 6:18–20; Heb. 13:4).

* Die huwelik is heilig wanneer man en vrou ook daarin doelbewus die wil van God doen en toesien dat die deur God bepaalde *wese* en *doel* van die huwelik in hulle eie huwelik gerealiseer word.

* Die huwelik is heilig wanneer die verhouding tussen Christus en sy gemeente konkreet en daadwerklik in die verhouding tussen man en vrou afgebeeld word (Ef. 5:22–33).

Hieruit is dit duidelik dat die heiligheid van die huwelik nie beteken dat daar nuwe fasette bykom nie, maar dit wil slegs aandui dat die deur God bepaalde wese en doel van die huwelik met groter erns, verantwoordelikheid en doelgerigtheid voor God uitgeleef moet word.

## 2.4 Enkele algemene riglyne vir gedrag in die huwelik

### 2.4.1 INLEIDING

In die Skrif word verskillende aanwysings gegee hoe die gelowiges as broers en susters in die kerk as huisgesin van God hulle teenoor mekaar moet gedra (1 Tim. 3:15). Hoewel dit meesal algemene riglyne of voorskrifte is, in die sin dat dit op al die gelowiges van toepassing is, is verskeie daarvan sodanig dat dit in die besonder op die huwelik toegepas kan word.

Hierdie voorskrifte of riglyne kan gerieflikheidshalwe in positiewes en negatiewes ingedeel word.

### 2.4.2 POSITIEWE RIGLYNE

#### 2.4.2.1 Die koninkryk van God eerste

Christus sê: "Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee." (Matt. 6:33.) Dit geld in besondere sin vir man en vrou in die huwelik. Daarom moet kerklike meelewing, Skriflesing en Skrifstudie, gesamentlike en persoonlike gebede, die Christelike opvoeding van hulle kinders, ensovoorts, bo aan hulle prioriteitslys staan. Dan kan en moet hulle ook glo dat die Here self

verder in hulle daaglikse behoeftes sal voorsien.

2.4.2.2 Ontwikkel onderskeidingsvermoë in huwelikskonteks

Om in 'n sondige wêreld sinvol as man en vrou in die huwelik te kan saamlewe en om te weet wanneer om teenoor mekaar soepel en toegewend te wees en wanneer om 'n besliste standpunt in te neem en nie toe te gee nie, is goeie onderskeidingsvermoë uiters noodsaaklik. Die gelowige moet dit doelbewus probeer verkry.

Daar is onder andere twee uitsprake in die Skrif wat in hierdie verband van besondere belang is.

In Filippense 1:9 en 10 skryf Paulus: "Ook bid ek dat julle *liefde* al hoe meer sal toeneem in *begrip* en *fyn aanvoeling*, sodat julle die dinge *sal kan onderskei* waarop dit werklik aankom."

Volgens Paulus is daar drie dinge nodig om goed te kan onderskei, naamlik:

* *begrip* of helder insig in die situasie en in die Woord van God soos dit daarop van toepassing is;

* *fyn aanvoeling* wat 'n mens nie bloot uit ervaring kry nie, maar veral uit kennis van God se Woord en die verligting van die Heilige Gees;

* *liefde* (agape) — wat in orde van belangrikheid eerste genoem word — want liefde verskerp 'n mens se blik, verhelder die verstand, versterk die vermoëns en verfyn die gewaarwording en waarneming (Greijdanus, 1962:167). Die liefde kom juis in begrip en fyn aanvoeling tot openbaring en verhoog die waarde daarvan.

Paulus se gebed is dat hierdie drie dinge by die gelowiges moet *toeneem* sodat hulle beter kan onderskei.

Die tweede Skrifuitspraak is Hebreërs 5:14: "Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor *insig* beskik wat *deur ervaring geoefen is* om tussen goed en kwaad *te onderskei.*"

As 'n mens hierdie uitspraak binne sy hele verband sien, beteken dit dat *'n voortdurende en indringende omgang met die Woord* (nie oppervlakkig in die vorm van *melk* soos vir kinders nie, maar indringend in die vorm

van *vaste kos* soos vir volwassenes) nodig is om die vereiste *insig* te verkry wat vir die Christen nodig is om in gekompliseerde situasies behoorlik tussen goed en kwaad te kan onderskei. Die gelowige moet homself gedurig (vgl. "ervaring"/"gewoonte") *oefen* (deur gebed, Skrifstudie, nadenke, ens.) om die onderskeidingsvermoë te kan bekom.

In beide Skrifgedeeltes word duidelik getoon dat die gelowiges self daartoe kan meewerk (vgl. die woorde *toeneem* in Fil. 1:9 en *oefen* in Heb. 5:14) om 'n beter onderskeidingsvermoë te kan kry. Dit beteken dat daar in hierdie verband 'n groot roeping op hulle geplaas word om in die besonder in die huwelik die regte gesindheid te hê, die regte standpunt in te neem en reg op te tree.

2.4.2.3 Bou mekaar op

Paulus skryf aan die Tessalonisense: "Bou die een die ander op." (1 Tes. 5:11, 1953-vertaling.) Hierdie algemene opdrag moet ook konkreet in die huwelik toegepas word. Man en vrou moet mekaar opbou primêr wat hulle verhouding tot God betref, sodat hulle in hulle geloof in Hom, hulle liefde tot Hom en hulle gehoorsaamheid aan Hom kan groei. Maar hulle moet mekaar ook andersins opbou sodat hulle talente en persoonlikhede tot verdere ontplooiing kan kom. In die proses sal dit soms nodig wees om mekaar te kritiseer en dan moet dit ook gebeur. In Spreuke 27:5 word immers verklaar: "'n Openlike bestraffing is beter as liefde wat onsigbaar bly." En verder word gesê: "Wie iemand teregwys, kry eerder agterna dank as wat 'n vleier dit kry." (Spr. 28:23.) Maar veral in die huwelik moet hierdie kritiek steeds in liefde gegee en in liefde ontvang word (1 Kor. 16:14). Dan sal dit ook opbouend wees en nie afbrekend nie. Op die wyse sal man en vrou ten opsigte van mekaar voldoen aan wat daar in Spreuke 27:17 (volgens die 1953-vertaling) staan: "Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander."

2.4.2.4 Dra mekaar se belange op die hart

Om mekaar se belange op die hart te dra, behoort vir die man en vrou wat mekaar liefhet en in 'n huwelik aan mekaar verbind is, vanselfsprekend te wees, want volgens 1 Korintiërs 13:4–5 soek die liefde nie sy eie belang nie, maar die belang van die een wat die voorwerp van die liefde is. Omdat God sy kinders liefgehad het, het Hy hulle belange dermate op die hart gedra dat Hy sy Seun gestuur het om te ly en te sterwe sodat hulle verlos kan word. Iets van hierdie goddelike liefde moet nou ook in die verhou-

ding tussen man en vrou in die huwelik afgebeeld word (Ef. 5:22–33). Dan sal hulle ook daartoe kom om konkreet uitvoering te gee aan wat Paulus skryf in Galasiërs 6:12: "Dra mekaar se laste en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus."

2.4.2.5 Bid vir mekaar

Jakobus skryf aan sy lesers: "Bid vir mekaar." (Jak. 5:16.) Paulus beklemtoon by herhaling dat hy vir die gelowiges bid en vra hulle om vir hom en sy medewerkers te bid (Rom. 1:10; Kol. 1:3, 9; 4:2, 3; 1 Tes. 5:25; 2 Tes. 3:1; Heb. 13:18). Dit spreek vanself dat man en vrou wat mekaar liefhet en mekaar se belange op die hart dra, voortdurend met groot erns vir mekaar sal bid met die oog op alle aspekte van hulle tydelike en geestelike lewe.

2.4.2.6 Dien mekaar in liefde

Al die gelowiges het die roeping *om mekaar in liefde te dien* (Gal. 5:13). Maar ook aan hierdie roeping moet man en vrou in die huwelik op besondere wyse uitvoering gee. Die roeping word verder deur Christus self bevestig as Hy, nadat Hy sy dissipels se voete gewas het, aan hulle sê: "As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het julle 'n voorbeeld gestel en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen." (Joh. 13:14–15.) Dit is egter van besondere belang om daarop te let dat ook die nederigste diens aan mekaar altyd 'n diens in liefde (agape) moet wees.

2.4.2.7 Vra mekaar om verskoning

Op Christene wat teenoor mekaar oortree het, ongeag hoe ernstig die graad van oortreding is, rus die verpligting om die persoon of persone teenoor wie die oortreding begaan is, om verskoning en vergewing te vra. Dit is 'n uiters belangrike lewensreël in die koninkryk van God (Luk. 15:21; 17:4), wat ook in die huwelik konkrete vervulling moet vind. Dit sal ook *kan* plaasvind as die man en vrou se lewens nie deur selfsug en hoogmoed beheers word nie, maar as hulle geleer het dat die een die ander *in nederigheid* hoër moet ag as homself of haarself (Fil. 2:3; vgl. Rom. 12:16; Matt. 11:29; Luk. 22:24–27).

2.4.2.8 Vergewe mekaar

Op alle gelowiges rus die verpligting om mekaar te vergewe. Dit is baie duidelik uit verskillende uitsprake in die Skrif. In Matteus 18:21–35 vertel Christus die gelykenis van die man wat nie bereid was om een van sy medeamptenare te vergewe nie, en dan toon Hy ook aan hoe die man vir sy gebrek aan vergewensgesindheid gestraf is. Christus sluit die gelykenis af met die woorde: "So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie." (Vgl. ook Matt. 6:12, 14, 15; Mark. 11:25, 26.) Paulus stel dit ook duidelik: "Vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het." (Ef. 4:32; vgl. Kol. 3:13.) In die lig hiervan is dit duidelik dat man en vrou mekaar ook van harte en ten volle moet vergewe omdat hulle deel het aan die vergewing van sondes ter wille van die soenverdienste van Christus.

2.4.3 NEGATIEWE RIGLYNE

2.4.3.1 Gee die duiwel geen vatkans nie

Paulus skryf in Efesiërs 4:27: "Moenie die duiwel vatkans gee nie." Dit kan op verskillende fasette van die huwelik toegepas word, maar onder die huidige omstandighede moet dit veral gefokus word op huwelikstrou. Dit beteken dan dat die gelowige nooit moet toelaat dat iemand anders die plek van sy/haar huweliksmaat in sy/haar hart inneem nie. Enige gevoelens van 'n verkeerde aangetrokkenheid tot 'n ander man of vrou moet met alle mag beveg word. Alle moontlike kontak met die persoon moet vermy word, terwyl God in die gebed gesmeek moet word om die sondige aangetrokkenheid weg te neem en die liefde vir die eie huweliksmaat te laat groei. Sodoende word die duiwel teengestaan en volgens Jakobus sal hy dan ook wegvlug voordat hy 'n vatkans kan kry (Jak. 4:7).

2.4.3.2 Moenie 'n dag kwaad afsluit nie

Die woorde van Paulus in Efesiërs 4:26: "Moenie 'n dag kwaad afsluit nie", is van groot betekenis om die gewenste kommunikasie tussen man en vrou te behou en te voorkom dat dit belemmer word. Probleme of verskille wat ontstaan, moet daardie selfde dag nog uitgepraat en reggestel word, al sou die regstelling net bestaan in die belofte en derhalwe in die vaste voorneme om dit te doen. As dit nie gedoen word nie en die man en vrou bly kwaad vir mekaar, kan dit die normale kommunikasie tussen hulle ernstig belemmer en dit is uiters nadelig en skadelik vir die huwelik. Gebrek aan sin-

volle kommunikasie het immers tot gevolg dat man en vrou al hoe meer van mekaar vervreemd raak en van mekaar af wegdrywe. Om die rede moet 'n dikmond-houding waarin die een die ander laat voel dat hy/sy nie tevrede is met die andereen se optrede nie en haar/hom probeer straf deur nie met haar/hom te praat nie, as 'n onchristelike en onetiese houding en optrede met alle mag vermy word. Die Here eis van die Christene om nie gou kwaad te word nie (Spr. 14:29; Jak. 1:19), want "'n mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie." (Jak. 1:20.)

Positief geformuleer, beteken dit dat die Here van sy kinders eis om ook in die huwelik vredemakers te wees (Rom. 12:18; Mark. 9:50). Die Here Jesus sê uitdruklik: "Geseënd (salig) is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word." (Matt. 5:9.)

2.4.3.3 Moenie van mekaar kwaad praat nie

Die Here eis van die gelowiges om geen kwaadsprekers te wees nie, maar om mekaar se eer en goeie naam te verdedig en te bevorder (Ps. 15:3; 50:20; Eks. 20:16; Deut. 5:20; Jak. 3:1–12). Dit geld heel in die besonder van man en vrou ten opsigte van mekaar in die huwelik. Omdat hulle so nou met mekaar saamlewe, sal hulle vanselfsprekend bewus word van mekaar se swakhede, gebreke, sondes, skandes, oortredings in die verlede en in die hede. Die gevaar bestaan dan dat daaroor gepraat kan word met ouers, kinders, familie en vriende. Maar dit is in stryd met die wil van God en bowendien baie skadelik vir die huwelik.

Die ware liefde word in hierdie verband juis daardeur gekenmerk dat geliefdes mekaar se sondes bedek (1 Kor. 13:7). Petrus skryf: "Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek." (1 Pet. 4:8.)

Vanselfsprekend kan daar buitengewone situasies ontstaan waar 'n man of vrou met ander *moet* praat, maar daaroor word hier nie gehandel nie.

2.4.3.4 Moenie ou koeie uit die sloot grawe nie

As God vergewe, vergewe Hy radikaal. In Jeremia 31:34 sê Hy: "Ek sal hulle oortredings vergewe *en nie meer aan hulle sondes dink nie.*" (Vgl. ook Ps. 103:10–12.) Hier word op menslike wyse van God gepraat en dan word dit so voorgestel dat Hy sy kinders se sondes op so 'n wyse vergewe dat Hy daarvan vergeet. So behoort die gelowiges en in die besonder man en

vrou in die huwelik mekaar ook te vergewe: so te vergewe dat hulle by wyse van spreke daarvan vergeet en daar nooit weer op terugkom nie (Matt. 6:14; 18:21–35; Mark. 11:25–26). Alleen as hulle dit in alle opregtheid doen, sal dit hulle daarvan weerhou om die spreekwoordelike ou koeie uit die sloot te grawe. Hulle liefde vir mekaar behoort hulle ook daarvan te weerhou, want "die liefde ... hou nie boek van die kwaad nie." (1 Kor. 13:4, 5.)

2.4.3.5 Moenie spog met eie dade van die liefde nie

Van die betoning van liefdesdiens as godsdienstige plig sê Christus dat die gelowige nie daarmee moet spog en dit aan ander vertel nie. 'n Christen moet dit in die stilte doen en dan daaroor swyg in die wete dat God dit op sy tyd sal beloon (Matt. 6:1–4). Dieselfde geld van man en vrou se dade van liefde teenoor mekaar in die huwelik. Hulle moet nie voortdurend aan mekaar vertel van al die "goeie dinge" wat hy vir haar en sy vir hom gedoen het nie. Ook daarvan geld dat dit in die stilte gedoen moet word, want God sal dit op sy tyd en wyse beloon. Trouens, die egtheid en opregtheid van die liefde kom ernstig onder verdenking as die een "liefdedade" teenoor die ander doen bloot om erkenning of beloning te ontvang of as dit die weg moet baan (soos 'n omkoopgeskenk) vir die stel van nuwe eise aan hom of haar.

2.4.3.6 Moenie altyd kla nie

Mense wat altyd kla en met niks tevrede is nie, is onder alle omstandighede vir hulle medemens 'n pyn, 'n ergernis. Dit geld besonderlik in die huwelik (Spr. 19:13; 21:9; 25:24). Judas sê dat dit die kenmerk van goddelose mense is wat met hulle dade toon dat hulle die rug op Christus gedraai het. Van hulle sê hy: "Hierdie mense kla gedurig en is altyd ontevrede met hulle lot. Hulle leef net volgens hulle eie begeertes." (Jud. :16.) Hiermee toon Judas ook wat die oorsaak van al hulle klagtes is, naamlik selfsug: 'n egoïstiese en egosentriese lewenshouding. Terwyl die fout by hulleself lê, soek hulle dit altyd by die ander een. Daar is net een weg tot redding vir hulle en hulle huwelike en dit is opregte bekering tot God. (Vgl. 2 Tim. 3:2.)

## 3. BYBELSE UITSPRAKE OOR DIE HUWELIK

In hierdie gedeelte word gehandel oor uitsprake in die Bybel wat spesifiek op die huwelik of bepaalde aspekte daarvan betrekking het.

## 3.1 Huwelikskeuse

### 3.1.1 DIE AANSTAANDE MAN OF VROU MOET 'N GELOWIGE WEES

Die Israeliete as volk van God in die Ou-Testamentiese tyd is verbied om met heidene te trou (Eks. 34:16; Deut. 7:3, 4; Esra 9:1–3; Neh. 10:30; 13:23–27; Ps. 106:5). Van hulle is verwag om met gelowiges te trou en die gelowiges was normaalweg slegs in Israel te vinde.

Die rede vir genoemde verbod was geleë in die gevaar dat die heidene die gelowiges moontlik kon verlei om die Here te verloën en te verlaat en dan afgode te dien (Deut. 7:3, 4). Mense wat die verbod verontagsaam het, is ook inderdaad tot diens aan die afgode verlei. Salomo (1 Kon. 11:1–10; Neh. 13:26) en Agab (1 Kon. 16:31–32; 21:25) is duidelike voorbeelde hiervan.

Dit is baie duidelik dat die verbod op huwelike met mense uit ander volke nie om nasionalistiese of dergelike redes gegee is nie, maar om godsdienstige redes. Daarom was daar ook geen beswaar teen Boas se huwelik met Rut, die Moabitiese nie (Rut 4), omdat sy tot bekering gekom en die God van Israel begin dien het (Rut 1:16).

Hierdie siening dat 'n gelowige slegs met 'n ander gelowige behoort te trou, word ook in die Nuwe Testament aangetref. Waar daar byvoorbeeld verwys word na huwelike waar die man of die vrou ná die huweliksluiting tot bekering gekom het en derhalwe 'n gelowige is, is dit uit die voorskrifte wat in die verband gegee word, duidelik dat dit nie die gewenste huweliksverbintenis vir 'n Christen is nie (1 Kor. 7:10–17; 1 Pet. 3:1–2). 'n Christen behoort 'n mede-Christen as huweliksmaat te hê.

In 2 Korintiërs 6:14–15 sê Paulus: "Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis? Hoe kan daar eenstemmigheid wees tussen Christus en Belial? Hoe kan 'n gelowige dieselfde belange hê as 'n ongelowige?" Hoewel Paulus hier nie spesifiek oor die huwelik handel nie, is die uitspraak tog van so 'n aard dat dit ook op die huwelik betrekking moet hê.

Die verhouding tussen man en vrou in die huwelik kan verder slegs 'n sinvolle afbeelding van die verhouding tussen Christus en sy kerk wees as man

en vrou albei oortuigde Christene is (Ef. 5:22–33).

In die lig hiervan kan gesê word dat dit tans nog steeds 'n Skriftuurlike eis is dat 'n Christen met 'n Christen in die huwelik moet tree. Dit blyk ook baie duidelik daaruit dat Paulus in 1 Korintiërs 7:39 sê: "'n Vrou is aan haar man gebind so lank as hy lewe. As hy sterwe, is sy vry om te trou met wie sy wil, *mits dit 'n gelowige is.*"

### 3.1.2 DIE AANSTAANDE MAN OF VROU MOET KUIS WEES

'n Jongman en 'n meisie wat in die huwelik tree, moes met niemand anders en ook nie met mekaar voor die huwelik seksuele omgang gehad het nie. Verskeie uitsprake word in die verband in Deuteronomium 22:13–30 gegee.

* As 'n meisie ten tye van haar huwelik nie 'n maagd is nie en derhalwe voor die tyd met iemand anders seksuele omgang gehad het, moes sy voor haar ouers se huis gestenig word (Deut. 22:20–21).

* As 'n man en 'n getroude vrou of verloofde meisie geslagsgemeenskap het, moet albei die doodstraf ontvang (Deut. 22:22–24).

* As die geslagsgemeenskap met die verloofde meisie in die veld gebeur, moes die man alleen die doodstraf ontvang, want die meisie kon om hulp geskree het, maar niemand het haar gehoor en van die man gered nie (Deut. 22:25–27).

* As 'n jongman en 'n meisie wat nie verloof is nie, geslagsgemeenskap het, dan *moes* hulle trou, ongeag of die meisie daarna swanger was of nie (Deut. 22:28–29; Eks. 22:16–17). Geslagsgemeenskap is dus beskou as so eksklusief aan die huwelik verbonde dat dit, en nie eers swangerskap nie, twee jongmense tot 'n huwelik verplig.

Ook elders in die Ou Testament word getoon dat kuisheid voor die huwelik vir die gelowiges 'n vereiste is. (Vgl. Gen. 2:24 — saam met 1 Kor. 6:16; Gen. 29:20–21; Hoogl. 8:8–10.)

Dieselfde beskouing word ook in die Nuwe Testament aangetref. Dit blyk duidelik uit die verbod op *hoerery* (porneia) wat voorhuwelikse geslagsgemeenskap insluit; uit die gebruik van die woord *hoerery* in 1 Korintiërs 7:2 en 1 Tessalonisense 4:3–4; uit die gebruik van die uitdrukking *een-vlees-wees* en wat Christus in aansluiting daarby sê volgens Matteus

19:10–12; uit die geskiedenis van Josef en Maria volgens Matteus 1:18–25; uit Paulus se uitsprake in 1 Korintiërs 5 en 7:7–9 en 36.

Uit al hierdie gegewens is dit duidelik dat dit 'n Skriftuurlike eis is dat 'n man en vrou wat in die huwelik tree, voor die tyd met niemand anders en ook nie met mekaar geslagsgemeenskap moes gehad het nie. Vanselfsprekend is die situasie anders by mense wat voorheen wettiglik getroud was.

### 3.2 Verlowing

Volgens die Skrif is die huwelik deur die verlowing voorafgegaan (Deut. 22:23–27; Matt. 1:18–25; Luk. 1:27; 2:5). Dan het die betrokke man en vrou reeds beloof om aan mekaar getrou te bly en met mekaar in die huwelik te tree. In 'n sekere sin is hulle dan reeds as man en vrou beskou. Dit blyk daaruit dat as verloofdes oortree het, hulle op dieselfde wyse gestraf is asof hulle getroud was (Deut. 22:22–24). Verder word vir die verbreking van 'n verlowing dieselfde woord gebruik as vir die verbreking van 'n huwelik (Matt. 1:19; 19:3–9). Hoewel hulle tydens die verlowing in 'n bepaalde sin as man en vrou beskou is, het hulle egter nog nie saam gewoon en ook nie geslagsgemeenskap gehad nie (Matt. 1:18–25; 1 Kor. 7:36; 2 Kor. 11:2).

By die verlowing is die bruidsprys (mohar) geheel of gedeeltelik deur die bruidegom aan die vader van die bruid betaal. (Vgl. Gen. 34:12; Eks. 22:16–17; Deut. 22:28–29.) Tydens die verlowing is ook die nodige voorbereidings vir die huwelik getref.

### 3.3 Die huweliksluiting

Die huweliksluiting het in die tyd waarin die Bybel geskryf is, hoofsaaklik uit drie dele bestaan, naamlik

* die betaling van die bruidsprys (vgl. punt 3.2);
* die oordrag van die bruid wat gepaard gaan of saamval met die bruilof (Rigt. 14:10, 11; Matt. 22:2, 3; 25:1–13);
* geslagsgemeenskap van bruidegom en bruid as voltooiing of bevestiging van die huweliksluiting ("consummation") (Gen. 29:21; Rut 4:13).

Wat uit die beskikbare gegewens baie duidelik is, is dat die huweliksluiting

volgens die Skrif 'n "amptelike" gebeurtenis was. Nie "amptelik" in die sin dat die owerheid sy goedkeuring daaraan gee en sy beskerming daaraan verleen soos tans meesal die geval is nie, maar wel "amptelik" in die sin dat die families wat by die huwelik betrokke is, dit goedkeur en aan die sluiting daarvan meewerk.

Hierdie amptelike sluiting van die huwelik het beteken dat 'n man en 'n vrou wat hulle tot mekaar aangetrokke voel of vir mekaar lief is, nie op 'n bepaalde dag maar bymekaar gaan woon het en soos getroudes begin lewe het sonder om die gemeenskap waarin hulle verkeer, daarin te ken nie; inteendeel, die gemeenskap moes wel deeglik daarvan kennis dra (Matt. 22:2, 3; Luk. 14:8).

## 3.4 Die huwelikslewe

### 3.4.1 WEDERSYDSE GESINDHEID EN VERANTWOORDELIKHEID

#### 3.4.1.1 Wees aan mekaar onderdanig

Voordat Paulus in die brief aan die Efesiërs daartoe kom om aan te dui hoe daar in spesifieke verhoudings tussen man en vrou (5:22–33), tussen ouers en kinders (6:1–4) en tussen eienaars en slawe (6:5–9) opgetree moet word, gee hy eers 'n algemene riglyn in 5:21: "Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig."

Wat Paulus hier wil sê, kom daarop neer dat Christus gedien en geëer sal word as die gelowiges, ter wille van hulle gesamentlike diens aan Hom, in hulle onderlinge verhouding aan mekaar onderdanig is. 'n Mens sou Paulus se bedoeling met die uitspraak in 5:21 ten opsigte van die huwelik soos volg kan verduidelik: as die man die *hoof* (kop) van die huis genoem kan word, kan die vrou die *hart* van die huis genoem word. Hoof en hart staan dan — soos in die liggaam — nie as wedywerende partye teenoor mekaar nie, maar hulle is veel eerder vennote wat mekaar aanvul (1 Kor. 12:12–31). Met die oog op die beste funksionering van die liggaam as geheel, as eenheid, moet hoof en hart aan mekaar onderdanig wees. Terwyl elkeen 'n eie funksie en werksaamheid het, moet die hoof die hart en die hart die hoof konsidereer.

Die woorde "uit eerbied vir Christus" toon egter aan dat die wedersydse onderdanigheid nie sonder enige beperking kan wees nie. As dit die geval was, sou die ongehoorsaamheid van Petrus en Johannes teenoor die Joodse

Raad (Hand. 5:29) en die optrede van Paulus teenoor Petrus (Gal. 2) nie verklaar kon word nie. Nee, die onderdanigheid wat Paulus in Efesiërs 5:21 op die oog het, is een wat sy oorsprong én uiteindelike doel in Christus het en alleen gevind word by mense wat met die Heilige Gees vervul is (Ef. 5:18).

Die algemene reël van Efesiërs 5:21 dat gelowiges uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig moet wees, sluit verder nie uit dat in bepaalde strukture daar situasies kom waarin 'n persoon of persone as gesagsdraers "amptelik" moet optree nie. Dan moet hulle ook as sodanig eerbiedig word. Dit toon Paulus aan as hy verder in Efesiërs 5:22–6:9 verwys na die verhouding tussen man en vrou, tussen ouers en kinders en tussen eienaars en slawe. Maar in die gewone gang van sake waar daar nie amptelik opgetree word nie, bly die reël van Efesiërs 5:21 van krag, naamlik dat die gelowiges uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig moet wees en dat die een die ander hoër moet ag as homself of haarself (Fil. 2:3). Wat Paulus dus in Efesiërs 5:22–6:9 sê, is nie 'n *disintegrasie* ten opsigte van Efesiërs 5:21 (waar die eenheid verlore gaan) nie, maar 'n *differensiasie* (waar die eenheid behoue bly) ten opsigte daarvan en 'n nadere presisering daarvan.

As dit alles nou op die huwelik toegepas word, beteken die onderdanigheid uit eerbied vir Christus (Ef. 5:21) dat man en vrou baie sterk op mekaar aangewese is en mekaar moet help om gesamentlik (soos hoof en hart in een liggaam) op die allerbeste wyse ten dienste van hulle huwelik as eenheid te kan funksioneer. *Negatief* beteken dit dat alle selfsug, selfhandhawing, onverdraagsaamheid, individualisme en kleinlikheid — 'n mens sou kon sê alle eie-ek-gesindheid — in hulle onderlinge verhouding uitgesluit moet wees. *Positief* beteken dit om geduldig en met 'n oop gemoed na mekaar te luister, aan mekaar volle lewensruimte te gun, mekaar se gevoelens, opinies en vermoëns te respekteer, mekaar se heil en beswil te soek, mekaar die geleentheid te bied vir verdere ontwikkeling en ontplooiing van eie talente. Maar dan moet man en vrou se negatiewe en positiewe gesindhede en optrede steeds gelei en beheers word deur die sentrale motief van hulle "eerbied vir Christus".

3.4.1.2 Vermy leemtes in die huwelik

Die stellings van Paulus in 1 Korintiërs 7:3 en 5, waarna reeds in punte 2.1.6.1.2.1 en 2.2.3 verwys is, kom in hoofsaak daarop neer dat man en vrou in die huwelik gereeld geslagsgemeenskap moet hê sodat daar nie 'n leemte

in die vorm van 'n onvervulde seksuele behoefte by een of albei van hulle ontstaan nie. So 'n leemte of behoefte kan immers tot gevolg hê dat hulle makliker deur Satan tot owerspel verlei kan word as wat die geval sou wees as daar nie so 'n leemte bestaan het nie.

Wat Paulus hier van die seksuele sê, kan ook op ander aspekte van die huwelik toegepas word. Dit beteken dat man en vrou in hulle huwelik so teenoor mekaar moet optree dat daar geen leemte by een of albei van hulle ontstaan nie. Dit kan 'n leemte wees wat betref sake soos opregte belangstelling in mekaar, emosionele warmte teenoor mekaar, goeie versorging van mekaar, medeverantwoordelikheid vir mekaar, goeie maats wees vir mekaar, ondersteuning van mekaar in ondernemings, ensovoorts.

As daar so 'n leemte in die huwelik is, is dit moontlik dat man of vrou 'n persoon kan ontmoet wat die indruk gee dat sy of hy juis daardie leemte kan of wil vul. Dan is die gevaar van verleiding en gevolglike huweliksontrou groter as wat dit sou wees as daar nie so 'n leemte was nie.

3.4.1.3 Laat die eerste liefde nie verkoel nie

Christus skryf aan sy bruidskerk in Efese: "Maar Ek het dit teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie." (Op. 2:4.) Daarmee verwys Hy na 'n situasie wat dikwels in die huwelik aangetref word. (Vgl. Jer. 2:2.)

Aan die begin van die huwelik het man en vrou gewoonlik 'n warm liefde vir mekaar. Hulle is bereid om vir mekaar op te offer, het geduld met mekaar se gebreke en is besonder tegemoetkomend teenoor mekaar. Maar dikwels verkoel hierdie eerste liefde na 'n tyd. Dan is daar miskien nog wel 'n sekere liefde vir mekaar, maar die warmte en toewyding wat daar aan die begin was, het soek geraak. En daarmee saam verdwyn gewoonlik ook die offerbereidheid, die geduld en die tegemoetkomendheid teenoor mekaar.

Die feit dat Christus die kerk in Efese daaroor vermaan, toon by implikasie dat dit iets is wat in die huwelik nie mag gebeur nie.

Dit is wel waar dat daar in die huwelik mettertyd iets meer van 'n gevestigheid en stabiliteit van die liefde intree. Maar dit mag nooit lei tot òf verkoeling òf stagnasie nie. Man en vrou is dit aan mekaar verskuldig om biddend, met wedersydse toewyding en opoffering, te sorg dat dit nie ge-

beur nie.

### 3.4.2 DIE GESINDHEID EN OPTREDE VAN DIE MAN TEENOOR SY VROU

#### 3.4.2.1 Die man is hoof van sy vrou (Ef. 5:23)

Die man se hoof-wees van die vrou behels die volgende:

##### 3.4.2.1.1 Sy geloof in Jesus Christus

Die man moet glo dat hy saam met sy (gelowige) vrou deel is van die bruidskerk van Jesus Christus wat Hy in grenslose genade en liefde deur sy soenverdienste aan die kruis van die sonde verlos het om die ewige saligheid te verkry (Ef. 5:1, 2). Wat dit betref, is daar geen verskil tussen man en vrou nie (Gal. 3:28). Dié geloof is ook by die man se hoof-wees oor sy vrou noodsaaklik, want dit sal hom nederig hou teenoor haar en voorkom dat hy hom teenoor haar verhef (Rom. 3:9–20; 23–24; 2 Kor. 12:9, 10). Alleen as die man deur die geloof in die regte verhouding tot Christus staan, sal sy verhouding tot sy vrou ook reg wees en sal hy op 'n Christelike wyse werklik haar hoof kan wees (1 Joh. 4:20).

##### 3.4.2.1.2 Sy navolging van Christus

Paulus (Ef. 5:23) sê dat die man die hoof van die vrou is soos Christus Hoof van die kerk is. Hoewel 'n man in die sondige wêreld nooit ten volle vir sy vrou 'n hoof kan wees soos Christus Hoof vir sy kerk was en is nie, moet daar tog 'n sekere ooreenstemming tussen die man en Christus wees. Wat Paulus hier sê, kom daarop neer dat hy die verhouding van Christus teenoor sy kerk as die *argetipiese* aan die gelowiges voorhou sodat dit *ektipies* by die man in sy verhouding tot sy vrou afgebeeld kan word. In dié opsig moet die man 'n navolger van Christus wees.

##### 3.4.2.1.3 Sy gesag

Wanneer daar in 'n huwelik amptelik en met gesag opgetree moet word, is die man as hoof van die vrou die gesagsdraer, en dan mag hy nie huiwer of nalaat om sy gesag uit te oefen nie (Ef. 5:22–24; 1 Tim. 3:4, 5, 12). Maar dan moet hy steeds in gedagte hou dat hy dié gesagsposisie nie het omdat hy moontlik fisies, psigies of intellektueel die meerdere van sy vrou is nie, maar omdat God hom in die gesagsposisie geplaas het (Rom. 13:1,

2; Kol. 2:9, 10). Daarom sal hy ook voor God rekenskap moet gee van sy optrede teenoor haar.

3.4.2.1.4 Sy verantwoordelikheid

Die man is hoof van die vrou ook in die sin dat hy verantwoordelikheid vir haar stoflike en geestelike welsyn moet aanvaar soos Christus as Hoof van die kerk die verantwoordelikheid vir die redding, heiliging en verheerliking van sy kerk aanvaar het (Ef. 5:25–27). Die verantwoordelikheid hou ook in dat die man begrip moet toon en erkenning moet gee aan die vrou se vroulike andersheid; dat hy moet insien dat sy in sekere opsigte swakker is as hy en haar nie daarvoor verwyt nie, maar dit moet eerbiedig en vir haar daarin tot hulp moet wees (1 Pet. 3:7).

3.4.2.1.5 Sy roeping tot diens

Die man is hoof van die vrou nie om in mindere of meerdere mate oor haar te tiranniseer nie, maar met die oog op dienslewering aan haar soos Christus sy bruidskerk gedien het. Dit het Hy gedoen nie net deur versoening te doen vir haar sonde nie, maar ook deur haar in die proses van heiligmaking op so 'n wyse te versorg dat daarvan gesê kan word dat Hy haar voortdurend voed en koester (Ef. 5:25–29).

3.4.2.2 Die man moet sy vrou liefhê (agapein; Ef. 5:25, 33)

Die roeping wat daar op die man rus om sy vrou lief te hê (en die vrou haar man), is tot 'n groot mate reeds in punt 2.1.6.1 behandel.

Hoe groot die liefde van die man teenoor sy vrou moet wees, blyk daaruit dat van hom geëis word om sy vrou lief te hê *soos Christus sy kerk liefgehad het*, en ... Hy het sy kerk so liefgehad dat Hy sy lewe daarvoor afgelê het (Ef. 5:25). Daarby kom nog dat sy liefde vir sy kerk 'n blywende liefde is (Joh. 13:1; 17:11). Dit het nie slegs eenmalig tydens sy versoeningslyde aan die kruis gefunksioneer nie, maar nadat Hy sy kerk verlos het, gaan Hy in sy liefde voort om dit te heilig en te verheerlik (Ef. 5:25–28). Ook hierdie aspek van Christus se liefde en opoffering vir sy kerk moet in die liefde van die man vir sy vrou gestalte vind.

As die man hierdie daadwerklike, kragtige, opofferende en blywende liefde (agape) vir sy vrou het, sal hy volgens Kolossense 3:19 ook nie maklik teen haar verbitterd raak nie — al gee sy hom ook aanleiding daartoe — en

as resultaat daarvan begin om die lewe vir háár bitter te maak nie.

3.4.2.3 Die man moet aan sy vrou eer bewys (1 Pet. 3:7)

As Petrus van die man eis om aan sy vrou eer te bewys, beteken dit negatief dat hy daarmee enige minagtende, neerhalende en tirannieke houding van die man teenoor die vrou, asof sy 'n soort slavin is, by die wortel afsny. Positief beteken dit dat hy aan haar openlik erkenning moet gee vir wat sy doen, veral vir dit wat sy vanweë haar vrou-wees kan doen wat hy nie kan doen nie.

Aan die versoek van Petrus word op treffende wyse uitvoering gegee in die loflied op die deugsame vrou in Spreuke 31:10–31. Daarin word aan haar eer bewys vir haar gesindheid en optrede. Haar man en haar seuns prys haar, want hulle sien wat sy doen — ook vir hulle doen! — en hulle betuig openlik hulle waardering daarvoor (Spr. 31:28). Die belangrikste waarvoor sy geprys moet word, is dat sy 'n vrou is wat die Here dien en eer (Spr. 31:30).

Op 'n soortgelyke wyse behoort elke man ook vandag nog aan sy eie vrou eer te bewys.

3.4.2.4 Die man moet die lewe met sy vrou geniet (Pred. 9:9)

In Prediker 9:9 word gesê: "Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet". Die woorde "die vrou wat jy liefhet", dui sy eie vrou aan met wie hy wettiglik getroud is. Die genot waarvan hier sprake is, sluit sonder twyfel seksuele genot in, maar dit het ook betrekking op ander fasette van die huwelikslewe.

In Spreuke 5:18–20 word in die verband volgens die 1953-vertaling die volgende gesê: "Mag jou fontein geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug — die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie; laat haar boesem jou altyd vermaak, mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees. Maar waarom sou jy, my seun, by 'n vreemde bedwelmd raak en die boesem van 'n ontugtige omhels?" Hier word die man ook aangespoor om seksuele genot by sy eie vrou te soek, maar die nadruk val in die gedeelte daarop dat dit by sy *eie* vrou moet wees en nie by 'n ander vrou nie.

Ook in Hooglied word dikwels daarna verwys dat die man seksuele genot by sy eie vrou soek en vind (Hoogl. 7:2, 7, 8).

Die man word dus aangespoor om lewensvreugde by sy eie vrou te soek. Dit het besonderlik betrekking op die seksuele, maar dit het ook 'n wyer betekenis. Uit Spreuke 31:10–31 is dit duidelik dat die man ook op 'n ander wyse vreugde by sy vrou kan vind as bloot op seksuele gebied.

### 3.4.3 DIE GESINDHEID EN OPTREDE VAN DIE VROU TEENOOR HAAR MAN

#### 3.4.3.1 Die vrou moet haar man liefhê

Hierdie saak is reeds in punt 2.1.6.1 behandel. Daarom is dit nie nodig om verder daarop in te gaan nie.

#### 3.4.3.2 Die vrou moet aan haar man onderdanig wees

Dat die vrou aan haar man onderdanig moet wees, word op verskillende plekke in die Nuwe Testament aangedui en verskeie redes word ook daarvoor gegee.

##### 3.4.3.2.1 1 Korintiërs 11:3–12

In 1 Korintiërs 11:3 sê Paulus dat

— die man die hoof van die vrou is;
— Christus die hoof van die man is;
— God die hoof van Christus is.

Die feit dat die vrou aan die man onderdanig is, beteken dus in sigself geen minderwaardigheid of oneer nie, want die man is op sy beurt weer aan Christus onderdanig en Christus aan God. (Vgl. 1 Kor. 3:21–23; 15:24–28.)

Paulus gee in hierdie konteks in hoofsaak vier redes waarom die vrou aan die man onderdanig moet wees:

* *Verse 4–6:* Die gebruik by die Grieke van destyds wat daartoe gelei het dat die man *sonder* 'n hoofbedekking en die vrou *met* 'n hoofbedekking aan die Christelike erediens deelgeneem het, was 'n modus operandi waardeur hulle getoon het dat hulle dit spontaan aangevoel het dat die vrou aan die man onderdanig moet wees.

* *Vers 7:* Die man is *direk* deur God na sy beeld geskape. Daarin kan die

almag van God gesien word, en daarom is die blote bestaan van die man 'n verheerliking van God. In die opsig is die vrou die mindere van die man, want sy is nie direk deur God soos die man geskep nie, maar God het haar *uit die man* geskep. En die feit dat sy uit die man geskep is, dien as verheerliking van die man, want so toon sy wat daar uit die man kan kom. Die man is dus in rangorde 'n skakel tussen Christus en die vrou.

* *Vers 8:* Die man is nie uit die vrou geskep nie, maar die vrou uit die man. Daarom het die man voorrang bo die vrou.

* *Vers 9:* Die man is nie ter wille van die vrou geskep nie, maar die vrou ter wille van die man.

3.4.3.2.2 1 Korintiërs 14:34

Volgens hierdie uitspraak mag die vrouens nie tydens die byeenkoms van die gemeente iets sê nie, want "hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê." Feitlik algemeen word aanvaar dat met die woorde "die wet" Genesis 3:16 bedoel word waar gesê word dat die man oor die vrou sal heers as deel van haar straf op die sondeval. Daardeur word haar onderdanigheid aan haar man aangedui. Hierdie onderdanigheid kan in gedrang kom as sy toegelaat word om tydens die erediens op te tree.

3.4.3.2.3 Efesiërs 5:22–24, 32–33

Paulus behandel in die betrokke gedeelte die verhouding tussen man en vrou in die huwelik. Van die vrou word hier geëis om aan haar man onderdanig te wees soos die kerk aan Christus onderdanig moet wees. Paulus motiveer die onderdanigheid van die vrou teenoor haar man deur die verhouding van die kerk teenoor Christus aan haar voor te hou as voorbeeld wat sy moet navolg. Dit kom dus daarop neer dat Paulus die verhouding van die kerk teenoor Christus as die *argetipiese* aan die gelowiges voorhou sodat dit *ektipies* by die vrou in die verhouding tot haar man afgebeeld kan word. (Vgl. punt 3.4.2.1.2)

3.4.3.2.4 1 Timoteus 2:11–14

Ook hier gaan dit daarom dat die vrou in die erediens geen aktiewe, leidinggewende rol mag speel nie, want dit mag die indruk gee dat sy oor haar man wil heers. Van haar word verwag dat sy ook in die erediens onderda-

nig moet wees en haar moet laat leer. Paulus gee drie redes vir die geëiste onderdanigheid van die vrou teenoor haar man.

* *Vers 12:* Sy mag nie oor die man heers nie. Daarmee sluit Paulus aan by Genesis 3:16 waar onder andere gesê word dat die man oor die vrou sal heers. Dit is deel van die straf wat oor die vrou sou kom vir haar aandeel in die sondeval.

* *Vers 13:* "Adam is eerste gemaak, Eva daarna." Die feit dat God die eerste man en vrou in hierdie orde gemaak het, is geen toevalligheid nie. Daardeur het God 'n orde vasgestel waardeur voorrang van die man teenoor sy vrou verleen word wat onder andere die implikasie het dat sy aan hom onderdanig moet wees.

* *Vers 14:* "Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het." Die vrou het in die paradys een maal die leiding geneem en in die proses 'n verleier geword wat die man op 'n verkeerde spoor laat beland het. Haar poging om te heers het op 'n ramp uitgeloop. Bowendien het dit in die proses duidelik geword dat sy 'n gewilliger prooi vir die duiwel is as die man. In die lig hiervan kan sy in die gemeente nie leiding neem nie en moet sy aan haar man onderdanig wees.

3.4.3.2.5 1 Petrus 3:1, 5, 6

Ook Petrus toon aan dat die vrouens aan hulle mans onderdanig moet wees. Dit geld selfs van vrouens wat met ongelowige mans getroud is. Trouens, juis deur hulle onderdanigheid en deur hulle godvresende en voorbeeldige lewenswandel word daar sonder woorde by die mans aangedring om Christus in die geloof as Verlosser te aanvaar. Daarmee toon Petrus ook aan dat onderdanigheid geen passiwiteit beteken nie.

Petrus motiveer die vermaning tot onderdanigheid van die vrou nie soos Paulus deur na Adam en Eva te verwys nie, maar deur na Sara se onderdanigheid teenoor Abraham te verwys (Gen. 18:12). Verder verwys hy ook na ander "gelowige vrouens", sonder om hulle by die naam te noem, wat net soos Sara aan hulle mans onderdanig was.

3.4.3.2.6 Samevatting

Uit al hierdie gegewens is dit duidelik dat dit die wil van God is dat die

vrou onder normale omstandighede aan haar man onderdanig moet wees. En die feit dat dit in verskillende Skrifgedeeltes aangedui word en met verskillende argumente gemotiveer word, toon dat dit met die oog op die huwelik as 'n baie belangrike saak beskou moet word.

Tog beteken dit nie dat die vrou klakkeloos en kritiekloos aan die man onderdanig moet wees nie, veral nie as die man strydig met die wil van die Here optree nie. Toe Nabal goddeloos en dwaas opgetree het en sy huisgesin met uitwissing bedreig is, het Abigail, sy vrou, oorgeneem en haar huisgesin en huishouding gered. Dawid het haar optrede ook as *verstandig* bestempel (1 Sam. 25). Positief gestel beteken dit dat die vrou slegs aan haar man onderdanig moet wees as hy en in soverre hy aan God gehoorsaam is. (Vgl. punt 3.4.1.1.)

Die optrede van Abigail moet egter as 'n uitsondering gesien word. Die reël onder normale omstandighede is dat die vrou aan haar man onderdanig moet wees.

## 3.5 Huweliksverbreking (Egskeiding)

### 3.5.1 DIE MOONTLIKHEID VAN EGSKEIDING

Hoewel die huwelik na sy wese onontbindbaar is, maak dieselfde Woord van God wat van sy onontbindbaarheid getuig, tog voorsiening vir egskeiding. Dit word gedoen in Deuteronomium 24:1–4; Matteus 5:31–32 en 19:9.

Hoe moet dit verstaan word?

Christus het die Fariseërs wat oor die saak by Hom navraag gedoen het, soos volg geantwoord: "Omdat Moses weens die hardheid van julle harte julle toegelaat het om van julle vroue te skei; maar van die begin af was dit nie so nie." (Matt. 19:8.)

Daarmee wil Christus sê dat Moses gekonfronteer was met konkrete situasies waar die voortsetting van die huwelik soms onmoontlik geword het. Christus skryf die ontstaan van sulke situasies toe aan die hardheid van hulle harte, met ander woorde aan hulle onbekeerlike gesindheid.

Moses, wat ook in burgerlike sin 'n wetgewer was, moes hierdie huweliks-krisisse op die beste moontlike wyse beredder. Daarom het hy in sulke onhoudbare situasies egskeiding wel toegelaat. Maar dan toon Christus duide-

lik aan dat omdat Moses as burgerlike wetgewer egskeiding juridies gereël het, dit nie beteken dat dit sedelik gesanksioneer was nie. Jesus kritiseer Moses nie, maar Hy toon duidelik aan dat in die reëling wat Moses getref het om in 'n wanordelike situasie tog 'n mate van orde te bring, die oorspronklike wil en eis van God *nie* gehandhaaf word nie. Dit kom daarop neer dat die huwelik volgens die oorspronklike bedoeling van God *onontbindbaar* is, maar dat dit deur die sonde tog *verbreekbaar* is. Wie dus die verbondsvolk in die wet van God wil onderrig, moet hulle nie die moontlikheid van egskeiding leer nie, maar die volstrekte ongeoorloofdheid daarvan in die oë van God.

In die sondige wêreld waarin die mens lewe, is egskeiding in 'n noodsituasie toegelaat as die beste van twee slegtes, maar dit neem nie weg nie dat dit van begin tot end strydig met die wil van God is.

### 3.5.2 REDES VIR EGSKEIDING

#### 3.5.2.1 Redes volgens die Skrif

##### 3.5.2.1.1 Owerspel

Onder owerspel (hoerery) word verstaan geslagsgemeenskap met 'n ander persoon as met die man of vrou waarmee die betrokkene wettiglik getroud is. Op grond van Christus se duidelike uitsprake in Matteus 5:32 en 19:9 word dit onder Christene feitlik algemeen aanvaar as 'n gegronde rede vir egskeiding.

Aangesien geslagsgemeenskap so 'n intiem-persoonlike saak van twee getroudes is, maar terselfdertyd tog 'n wesenlike deel van die huwelik is en daarby eksklusief aan die huwelik verbonde is, beteken owerspel dat die huweliksband in werklikheid met dié daad verbreek is. Daarom gee dit aan die ander lid van die huwelik die reg van egskeiding.

Tog beteken dit nie dat egskeiding dan *moet* plaasvind nie. So 'n gebeurtenis moet in die lig van die Skrif as geheel gesien word. En dit beteken dat as die skuldige opreg berou het, sy/haar skuld bely en die huweliksmaat eerlik om vergifnis vra met 'n belofte van trou in die toekoms, dan behoort die huweliksmaat — veral as die owerspel slegs insidenteel was — die skuldige te vergewe (Matt. 18:21–35) en dan is 'n egskeiding nie nodig nie. Trouens, die behoud van die huwelik moet altyd voorrang kry bo 'n moontlike egskeiding. Egskeiding moet slegs oorweeg word as herstel van

die huwelik werklik nie meer moontlik is nie.

Die vraag kan gestel word of owerspel die enigste rede vir 'n egskeiding is.

Daar is teoloë in reformatoriese kerke wat van oordeel is dat owerspel *nie* die enigste rede vir egskeiding is nie. Hulle grond die siening veral op die betekenis van die woord *behalwe* (parektos) in die uitdrukking "behalwe oor owerspel" in Matteus 5:32 wat nie noodwendig beteken dat owerspel die enigste rede vir egskeiding kan wees nie (vgl. Hand. 26:29; 2 Kor. 11:28), èn ook op die besondere karakter (die sogenaamde *masjaal-karakter*) van Christus se uitsprake. Hieroor is daar verskil van opinie.

3.5.2.1.2 Kwaadwillige verlating

Die Skrifgedeelte wat hier ter sprake kom, is 1 Korintiërs 7:10–17 en veral vers 15.

In vers 10–13 stel Paulus dit duidelik dat as een lid van 'n egpaar 'n ongelowige is, die gelowige moet probeer om 'n egskeiding te voorkom. As die ongelowige nie wil skei nie, mag die gelowige nie aandring op 'n egskeiding nie. As daar reeds 'n egskeiding plaasgevind het en die gelowige die inisiatief geneem het, moet hy/sy daarna ongetroud bly of poog om tot versoening te kom met sy/haar voormalige vrou/man.

Na 'n aanduiding in vers 14 van die betekenis van so 'n huwelik met 'n ongelowige vir die ongelowige self en vir die kinders wat uit so 'n huwelik gebore is, gaan Paulus dan verder en sê in vers 15: "*As die ongelowige egter wil skei, laat hom skei. In sulke gevalle is die gelowige man of vrou nie gebonde nie.*"

Oor die verklaring van hierdie teks (1 Kor. 7:15) is daar in die Christelike kerke twee uiteenlopende beskouings.

Die een groep sê dat hier wel sprake is van verlating, maar dat dit geen rede vir egskeiding is nie. Solank die verlater nie met iemand anders trou nie, mag die verlatene ook nie trou nie, want dan pleeg hy/sy egbreuk op grond van Matteus 5:32 en 19:9. Maar as die verlater trou, pleeg hy/sy egbreuk en dan het die verlatene die reg om op grond van genoemde tekste ook weer in die huwelik te tree.

Die ander groep is van oordeel dat die kwaadwillige verlating waarvan Pau-

lus hier praat, wel gesien kan word as 'n rede vir egskeiding, veral as dit 'n kwaadwillige verlating spesifiek om godsdienstige redes is. Hierdie standpunt is volgens Geesink (1931:284–285) gehuldig deur Luther, Calvyn (1972:123), Beza en Voetius. Dit word verder gevind in die Westminster Konfessie (Schaff, 1919:656–657). Ander voorstanders daarvan is Bouwman (1926?:12), Grosheide (1954:88; 1957:194), Boettner (1973:29), Olthuis (1975:72) en Groenewald (1982:55). As al die beskikbare gegewens, eksegeties en andersins, in ag geneem word, dan wil dit voorkom of daar tog 'n sterk saak daarvoor uitgemaak kan word dat *kwaadwillige verlating op grond van godsdienstige redes* wel aangedui kan word as 'n rede vir egskeiding. Dit is egter te betwyfel of dit na kwaadwillige verlating in die algemeen uitgebrei kan word, veral as 1 Korintiërs 7:15 alleen as basis geneem word. Maar dit is duidelik dat die laaste woord oor hierdie saak nog nie gespreek is nie.

#### 3.5.2.2 Redes volgens huidige wetgewing

Volgens die Wet op Egskeiding van 1979 (Suid-Afrika, 1979:5) bestaan daar tans wetlik slegs twee egskeidingsgronde, naamlik

* "die onherstelbare verbrokkeling van die huwelik" en

* "die geestesongesteldheid of die voortdurende bewusteloosheid van 'n party in die huwelik."

Dit is duidelik dat die geleentheid wat die owerheid vir egskeiding bied, baie ruimer is as wat in God se Woord aangedui word. (Vgl. punt 3.5.2.1.) Dit beteken dat al sou Christene op grond van wetgewing deur die owerheid *kan* skei, hulle nogtans in hulle gewetens aan God se Woord gebonde bly. (Vgl. punt 3.5.1.) 'n Egskeiding wat die owerheid ter wille van die handhawing van orde goedkeur, kan desondanks in die lig van die Woord as 'n oortreding van God se heilige wet en daarom as sonde beskou word. Daarom moet Christene wat wil skei hulleself afvra of hulle egskeiding ook voor die Here verantwoord kan word.

### 3.5.3 HERTROU VAN GESKEIDE PERSONE

Mag geskeide persone weer in die huwelik tree?

Hierdie vraag sal alleen beantwoord kan word as die rede vir die egskeiding in elke betrokke geval oorweeg is.

Indien owerspel (hoerery) die rede vir die egskeiding is (Matt. 5:32; 19:9), is die verontregte of onskuldige vry om weer te trou. Dan is dit ook nie nodig om te wag tot die skuldige eers in die huwelik getree het nie. Die skuldige mag egter nie weer trou nie, want, soos blyk uit genoemde tekste, sal hy/sy daardeur voortgaan om egbreuk te pleeg en hom/haar verder te besondig voor die Here.

In die geval van kwaadwillige verlating om godsdienstige redes mag die skuldige nie weer trou nie, want dan pleeg hy/sy egbreuk. Maar juis omdat so 'n persoon ongelowig is of ongelowig geword het, sal hy/sy hom/haar waarskynlik glad nie aan die eis van die Woord steur nie.

As hierdie vorm van verlating as 'n wettige rede vir egskeiding bedoel is, moet daaruit afgelei word dat die onskuldige persoon vry is om weer te trou. Dit kan egter nie afgelei word uit die woorde in 1 Korintiërs 7:15 nie: "In sulke gevalle is die gelowige man of vrou nie gebind nie." Hierdie woorde het eerder die betekenis dat die gelowige in sulke situasies sonder gewetenskwelling kan toelaat dat die ongelowige man/vrou van haar/hom skei. Dat die onskuldige weer kan trou, moet veel eerder daaruit afgelei word dat dit dan as 'n wettige rede vir egskeiding aangedui word.

As 'n skuldige persoon in 'n egskeiding daarna weer trou, pleeg hy/sy egbreuk (Matt. 5:35; 19:9; Mark. 7:11–12; Rom. 7:2–3). Maar beteken dit nou dat so 'n persoon daarna permanent in sonde (egbreuk) lewe?

Hierdie saak moet nie net uit die oogpunt van die sonde gesien word nie, maar ook uit die oogpunt van die vergewing. As 'n persoon opreg berou het oor sy/haar sonde en vergewing soek op grond van die soenverdienste van Christus, ontvang hy/sy dit. "En sonde wat een maal vergewe is, is vir altyd vergewe. Daarom mag ons nie dink dat 'n geskeidene wat weer getrou het, voortdurend in 'n toestand van sonde lewe nie. Die genade van vergifnis is groot genoeg om die sonde van die verlede uit te wis en die gelowige toe te rus vir 'n gelukkige lewe in die toekoms." (Groenewald, 1982:58.)

### 3.6 Huwelike tussen gelowiges en ongelowiges

Aangesien hierdie saak onder andere hoofde reeds ter sprake gekom het, kan die hoofsaak daarvan hier slegs kortliks weergegee word.

### 3.6.1 PROBEER DIT VERMY

Die gelowige moet doelbewus probeer om met 'n ander gelowige in die huwelik te tree, aangesien 'n huwelik met 'n ongelowige maklik daartoe kan lei dat die ongelowige die gelowige van God afvallig kan maak. Daarop is in punt 3.1.1 reeds die aandag gevestig. (Vgl. 1 Kor. 7:39.)

### 3.6.2 AS DIT ONVERMYDELIK IS

Soms beland 'n mens onvermydelik in 'n situasie waar jou huweliksmaat 'n ongelowige is. Dit kan gebeur as altwee ten tye van hulle huwelik ongelowiges is maar een van die twee later tot geloof kom — iets wat aan die begin van die Nieu-Testamentiese kerk skynbaar dikwels voorgekom het (1 Kor. 7:10–17; 1 Pet. 3:1–7). So 'n situasie sou ook kon ontstaan as altwee ten tye van hulle huwelik gelowiges was en een van hulle daarna 'n ongelowige geword het. Hoe moet die optrede van die gelowige in so 'n situasie teenoor sy/haar ongelowige huweliksmaat wees?

#### 3.6.2.1 Moenie skei nie (Vgl. punte 3.5.2.2 en 3.5.3)

In 1 Korintiërs 7:10–17 stel Paulus dit duidelik dat die gelowige in so 'n situasie nie moet probeer skei nie, maar 'n egskeiding juis moet probeer voorkom. Daar gaan immers 'n heiligende invloed van die gelowige na die ongelowige uit. Bowendien is hulle kinders heilig in die sin dat hulle as verbondskinders en as lede van God se volk aanvaar word (Hand. 16:1–3). As die ongelowige, ondanks die gelowige se teenstand teen egskeiding, tog wil skei, dan sal die punt bereik word dat die gelowige hom/haar moet laat begaan.

#### 3.6.2.2 Stel 'n goeie voorbeeld as Christen (Vgl. punt 3.4.3.2.5).

In 1 Petrus 3:1–7 word ook aan sulke huwelike aandag gegee.

Die oorweging van 'n moontlike egskeiding in sulke huwelike kom by Petrus nie eers ter sprake nie. Hy sê dat die gelowige vrouens wat met ongelowige mans getroud is, as Christene in die huwelik so voorbeeldig en godvresend moet lewe dat hulle mans sonder woorde, bloot deur hulle voorbeeld, aangespoor en oorreed kan word om Christus in die geloof as Verlosser en Saligmaker aan te neem. Hoewel Petrus dit nie hier noem nie, geld dieselfde natuurlik mutatis mutandis vir gelowige mans wat met ongelowige vrouens getroud is.

## GERAADPLEEGDE WERKE

BALTENSWEILER, H. 1967. Die Ehe im Neuen Testament: exegetische Untersuchungen über Ehe, Ehelosigkeit und Ehescheidung. Zürich/Stuttgart:Zwingli Verlag.

BOETTNER, L. 1973. Divorce. 5th printing. Nutley: Presbyterian and Reformed Publishing Co.

BOTHA, A.H. 1975. Pastorale sorg aan die homoseksuele mens. (Ongepubliseerde proefskrif (D.D.) — Universiteit van Pretoria.)

BOUMA, C. 1953. De brieven van den apostel Paulus aan Timotheus en Titus; Filemon. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen: Kok.

BOUWMAN, H. 1926?. Echtscheiding. (*In* Christelijke Encyclopedie-2. Kampen: Kok. p. 12.)

BRILLENBURG WURTH, G. 1951. Het Christelijke leven in huwelijk en huisgezin. Kampen: Kok.

BRILLENBURG WURTH, G. 1961. Trouw. (*In* Christelijke Encyclopedie-6. 2de druk. Kampen: Kok. p.414.)

BRONKHORST, A.J., *red.* 1971. Het gemengde huwelijk. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

CALVYN, (CALVIJN), J. 1970. Genesis 1. 2de druk. Uit Latyn vertaal deur S.O. LOS. Goudriaan: W.A. de Groot.

CALVYN (CALVIJN), J. 1972. Uitlegging op den eersten en tweeden zendbrief van Paulus aan de Corinthiërs. Vertaal deur A.M. Donner. Goudriaan: De Groot.

CRONJE, G., *red.* 1959. Egskeiding: die aard en oorsake van huweliksontbinding in Suid-Afrika. Verslag van die kommissie van ondersoek insake die gesinslewe. Deel 3. Kaapstad/Pretoria: N.G. Kerk-Uitgewers.

DE BRUYN, P.J. 1982. Voorhuwelikse geslagsgemeenskap: 'n teologiesetiese studie. (Ongepubliseerde proefskrif (Th. D.) — PU vir CHO.)

DE VRIES, W.G. 1970. Het huwelijk in ere. 4de druk. Groningen: De Vuurbaak.

DOUMA, J. 1973. Homofilie. Amsterdam: Bolland.

DOUMA, J. 1978. Christelijke ethiek; capita selecta II. Kampen: Copieerinrichting v.d. Berg.

DROGENDIJK. A.C. 1964. Man en vrouw vóór en in het huwelijk: een boek over het sexuele leven voor verloofden en gehuwden. 8ste druk. Kampen: Kok.

FLOOR, L. 1986. 'n Lamp vir almal in die huis: Christelike leefreëls vir huwelik, gesin en samelewing. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

FOUCHE, C.F.H. 1982. Die lewensbeskoulike siening van 'n groep finalejaar-onderwysstudente ten opsigte van voorhuwelikse liefdes-

verhoudinge. (Ongepubliseerde verhandeling (M.A.) — Universiteit van die Oranje-Vrystaat).
FOULKES, F. 1978. The epistle of Paul to the Ephesians. The Tyndale New Testament Commentaries. Leicester: Inter-Varsity Press.
GEESINK, W. 1931. Gereformeerde ethiek -2. Kampen: Kok.
GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE. 1958. Acta van die vierde Gereformeerde Ekumeniese Sinode. Potchefstroom: Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk.
GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1964. Handelinge van die 35ste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom: Administratiewe Buro.
GISPEN, W.H. 1974. Genesis -1. Commentaar op het Oude Testament. Kampen: Kok.
GREIJDANUS, S. 1962. De brieven van de apostel Paulus aan de Efeziërs en de Filippenzen. 3de druk. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen: Kok.
GROENEWALD, E.P. 1959. Die eerste brief van die apostel Paulus aan die Korinthiërs. (*In* Bybel met verklarende aantekeninge 3: 443–495. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.)
GROENEWALD, E.P. 1982. Spoorwysers. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
GROSHEIDE, F.W. 1954a. Het heilige evangelie volgens Mattheus. 2de druk. Commentaar op Het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.
GROSHEIDE, F.W. 1954b. Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe. 2de druk. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen: Kok.
GROSHEIDE, F.W. 1957. De eerste brief aan de kerk te Korinthe. 2de druk. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.
HENDRIKSEN, W. 1976. Ephesians. 2nd ed. New Testament Commentary. Edinburgh: The Banner of Truth Trust.
HEYNS, J.A. 1974. Die mens: Bybelse en buite-Bybelse mensbeskouinge. Bloemfontein: Sacum.
HEYNS, J.A. 1981. Etiek en die liefde. Pretoria: Retief.
JAGER, H.J. 1968. Kernwoorden van het Nieuwe Testament. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
KROEZE, J.H. 1970. Bybel en seks. Braamfontein (Johannesburg): Boekhandel de Jong.
KUITERT, H.M. 1975. Zonder geloof vaart niemand wel: een plaatsbekleding van christendom en kerk. 4de druk. Baarn: Ten Have.
LLOYD-JONES, D.M. 1975. Life in the Spirit in marriage, home and work: an exposition of Ephesians 5:18 to 6:9. 2nd printing. Edinburgh: The Banner of Truth Trust.
LOUW, D.J. 1983a. Die volwasse huwelik. Durban/Pretoria: Butterworth.

LOUW, D.J. 1983b. Versoening in die huwelik. Durban/Pretoria: Butterworth.
MEESTER, J. 1957. De idee van de kerkelijke huwelijksplechtigheid. Barendrecht: Drukkerij "Barendrecht".
NEDERLANDSE HERVORMDE KERK. 1959. Het huwelijk: herderlijk schrijven van de generale synode der Nederlandse Hervormde Kerk. 6de druk. 's-Gravenhage: Boekencentrum.
OLTHUIS, J.H. 1975. I pledge you my troth: a christian view of marriage, family, friendship. New York: Harper & Row.
PIPER, O.A. 1954. Man en vrouw: betekenis en mysterie van de sexualiteit naar bijbelse visie. Uit Duits vertaal deur R. Kooistra. Franeker: Wever.
POP, F.J. 1965. De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs. De prediking van het Nieuwe Testament. Nijkerk: Callenbach.
RIDDERBOS, H.N. 1952. Het evangelie naar Mattheüs - 1. 2de druk. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen: Kok.
RIDDERBOS, H.N. 1954. Het evangelie naar Mattheüs - 2. 2de druk. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen: Kok.
RIDDERBOS, H. 1960. Aan de Kolossenzen. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.
RIDDERBOS, H. 1966. Paulus: ontwerp van zijn theologie. Kampen: Kok.
RIDDERBOS, H. 1972. De komst van het koninkrijk: Jezus' prediking volgens de synoptische evangeliën. 2de druk. Kampen: Kok.
RINZEMA, J. 1961. Huwelijk en echtscheiding in Bijbel en moderne samenleving. Aalten: De Graafschap.
SCHAFF, P. 1877. The creeds of the evangelical Protestant Churches with translations. London: Hodder and Stoughton.
SCHAFF, P. 1919. The creeds of the Christendom with a history and critical notes - 3. New York: Harper & Brothers.
SENTRALE STATISTIEKDIENS. 1986. Huwelike en egskeidings: verslag 03/07/01. Pretoria: Sentrale Statistiekdiens.
SUID-AFRIKA (Republiek). 1979. Wet op egskeiding van 1979. *Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika*, 168(6506): 1–15, 15 Junie 1979. Kaapstad: Staatsdrukker.
THIELICKE, H. 1964. The ethics of sex. Uit Duits vertaal deur J.W. Doberstein. London: James Clarke.
TWEE DOMINEES. 1971. Ook wij zijn homofiel: een dokumentaire. Baarn: Bosch & Keuning.
VAN DER MERWE, W.J. 1953. Die terminologie van liefde in die Nuwe Testament; 'n eksegetiese studie. (Ongepubliseerde proefskrif — PU vir CHO.)
VAN DER WAAL, C. 1974. Zullen we wel trouwen? De boodschap van

1 Corinthe 7. Silverton: "Sevire".
VAN GENNEP, F.O. 1973. Mensen hebben mensen nodig: een studie over seksualiteit en nieuwe moraal. 2de druk. Baarn: Bosch & Keuning.
VAN HARTINGSVELD, L. 1977. Het huwelijk in het Nieuwe Testament. 's-Gravenhage: Boekencentrum.
VENTER, M. 1976. Poliginie as sendingprobleem. (Ongepubliseerde proefskrif (Th.D.) — PU vir CHO.)
VERHOEF, P.A. 1972. Maleachi. Commentaar op het Oude Testament. Kampen: Kok.